PLUS Chemists apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIII NOMMER 3 3 MAART 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# Maties kleur in

**Deur die toelating van anderskleurige studente het die Universiteit van Stellenbosch homself kritiek, sowel as aanmoediging op die hals gehaal.**

Dr. Koot Vorster, broer van Sy Edele mnr. John Vorster, en Assessor van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk, was van die eerste persone wat hom uitgelaat het teen die toelating van anderskleurige studente op Maties. Dr. Vorster het gesê die stap is strydig met die beleid van ons land in die algemeen en van ons Regering in besonder.

Die Universiteit van Wes-Kaapland is uitsluitlik vir bruinmense. Die toelating van nie-blanke studente kom daarop neer dat 'n universiteit "oop" verklaar word en dit lei noodwendig tot integrasie. Die rektor van Maties, prof. T.N. de Villiers, het in antwoord op dr. Vorster se kritiek gesê hulle het goedkeuring verkry van hoër instansies. Tot dusver het ander universiteite ook van die vergunning gebruik gemaak en is Maties nie die enigste universiteit wat anderskleuriges toelaat nie.

Hy het ook bygevoeg dat nog nie alle rigtings, en veral nie professionele rigtings, aan alle universiteite aangebied word nie.

Mnr. Hennie Smit, Minister van Kleurlingbetrekkinge, het tydens die opening van die Universiteit gesê: "Die feit dat 'n universiteit 'n eie karaktér dra, begrens op sigself nie die toelating van studente uit ander gemeenskappe nie. Die Universiteit van Stellenbosch het reeds bewys dat hy die ruimhartigheid kan openbaar, sonder dat dit sy eie karakter sal aantas". Hy beskou die kritiek as onregverdig en vra die kritici om diep oor die saak na te dink. Mnr. Smit het veral klem gelê op die ontwikkeling van menslike verhoudinge en dat dit een van die hoogste prioriteite in ons land en sy omstandighede geword het. Aan die anderskleuriges het hy gesê: "As u 'n sukses van u studies maak sal die kritici uiteindelik beskaamd staan."

"Identiteit word nie deur isolasie bewaar nie. Om weg te skram van die toelating van anderskleuriges tot Afrikaanse universiteite is 'n mosie van wantroue in ons studente en hul Afrikanerskap", het prof. Tjaart van der Walt gesê. Hy het verder ook gesê dat die PU vir CHO die eerste universiteit is wat anderskleuriges toegelaat het en geen verswarting het plaasgevind nie, nóg het die studente hulle identiteit daarvoor ingeboet.

Die mening word uitgespreek dat dieselfde vir die Maties sal geld en dat die 31 anderskleuriges nie 'n bedreiging vir die 10 800 blanke Maties sal inhou nie.

# Prof Tjaart sê dankie

**Pukke het in hulle massa opgetrek om vir Prof. Tjaart te sêr op sy verjaarsdag.**

Prof. Tjaart het aan die Wapad vertel hoe hy dit geniet het. Hy sê dit is jammer dat hy nie almal kon innooi nie. Die een groep het skaars klaar gesêr of die volgende groep het begin.

Die Rektorshuis is deel van die kampus, sê hy. Dit is lekker as die Pukke kom kuier. Prof. Tjaart sê dit is nie net hy wat dit waardeer nie. Tannie Babie het dit ook terdeë geniet.

# WEER KARNAVAL!

## Maak of breek!

**Die sukses van Karnaval '78 wat spog met fietstoere, motorfietstydrenne, modeparades en reklamesette, hang van die Puk-studente af.**

Koot van der Walt, voorsitter van die Karnavalkomitee, sien 'n tweërlei doel in Karnaval. "Daar moet tydens Karnaval geld vir liefdadigheid ingesamel word, maar tegelykertyd moet die student ook genot daaruit put", het mnr. Van der Walt in 'n onderhoud gesê.

**SUKSES**

'n Goed georganiseerde Karnavalkomitee kan slegs twintig persent tot die sukses van Karnaval bydra. Die res hang van die student af. Hy moet tydens dié fees alle inhibisies afwerp, alle maskers afgooi en probeer om net student te wees met studente-oorspronklikheid en uniekheid. Hoewel die Karnavalkomitee baie krisisse ondervind het, is al die grootste probleme nou opgelos en bly slegs die fynere detail oor, volgens die voorsitter van die komitee.

Die koshuise werk oor die algemeen baie goed saam. Dit is jammer dat daar tog enkele gevalle is wat nie bereid is om voluit te gaan vir die saak nie.

**NUUTJIES**

Die kapitaalskatjies is 'n nuwigheid wat baie reaksie uitgelok het. Die toegewydheid van sommige kapitaalskatjies het duidelik geblyk uit die oorspronklikheid en harde werk wat met ware Pukoortuiging gedoen is. Dit was opvallend dat veral eerstejaarkapitaalskatjies voluit gegaan het. Daar is selfs 'n kuns- en kultuuraand deur een 'skatjie gereël.

Benewens die standaardfietstoer is daar ook 'n motorfietstydren. "Ek hoop dat ons met dié tydren ook die belangstellingsveld dek van persone wat in hierdie rigting belangstel." Die doel van die modeparades is om ook iets meer vir die Pukdame in Karnaval te bied.

Reklamesette wat die hele Suid-Afrika moet laat kennis neem dat daar op die P.U. vir C.H.O. Karnaval gehou word, is vanjaar ook weer een van die bedrywighede.

Ook die sukses van die vlotoptog hang primêr van die studente af. Dit gaan hier veral om wat die student met sy blikke in die straat aanvang, of hy homself kan gee, of hy kan uitbreek. "Ek hoop nie een mens met 'n sent in sy sak kom weg nie," aldus Koot van der Walt.

**PUNTE**

By die opstel van die reëls is daar gepoog om geen skuiwergate te laat nie, aangesien dit in die verlede dikwels voorgekom het dat daar onenigheid tussen verskeie instansies bestaan het oor wie eintlik Karnaval gewen het. Die punte-samestelling is só dat die koshuis wat hulle self gee, die wenner sal wees. Punte sal ook nie weggegee word nie.

Die finale puntekomitee bestaan uit mnre. Koot van der Walt, Jan Botha, Jan Louis du Plooy en Ryk Brink. Daar sal gepoog word om deurgaans konsekwent op te tree en te beoordeel.

# PUKKE BEGROOT VIR KOMPETISIE

**Daar wag 'n prys van R150 op die student wat vir sen. Owen Horwood kan sê hoe Suid-Afrika se begroting beplan moet word – en boonop het hy of sy nog die geleentheid om persoonlik op Begrotingsdag (Woensdag, 30 Maart) die Minister van Finansies se begrotingstoespraak in die parlementêre galery aan te hoor.**

Die kompetisie, wat gesamentlik deur die Nedbank-groep en Die Ou Mutual geborg word, sluit drie weke voor Begrotingsdag (d.w.s. op Woensdag, 8 Maart). Aansoekvorms is van die Handelsfakulteit verkrygbaar.

Inskrywings hoef egter nie net van studente in die ekonomie af te kom nie. Dit staan 'n student van enige fakulteit vry om deel te neem, mits hy of sy logiese en oortuigende voorstelle kan maak. Ook nie-ekonomiese taal is aanvaarbaar!

Tweede en derde pryse van R30 en R20 word ook toegeken by elkeen van die 17 universiteite wat genooi word om deel te neem. Die 17 wenners reis saam met hul professore of dosente Kaapstad toe, waar hulle vooraanstaande mense uit die staats- en private sektore sal ontmoet. Die dag na die Begroting sal hulle 'n grondige bespreking van die begroting as waarnemers bywoon.

By hierdie bespreking tree die voorsitter van die Nedbank-groep, dr. Frans Cronjé, as voorsitter op, en die paneel beslaan 'n aantal ekonome en ondernemende Kaapstadse sakemanne uit verskillende professionele en private sektore.

# Motorfietstydren

**Dames wat in motorfietse belangstel, kry vanjaar geleentheid om hulle vaardigheid op 'n motorfiets te bewys in 'n tydren wat nog 'n onderafdeling van vanjaar se karnavalkompetisie is en in samewerking met die Weermag gereël word. Soos al die ander aspekte van karnaval, is hierdie ook 'n wonderlike geleentheid vir elke koshuis om nader aan die karnavalbeker te kom. Wat dit nog aantrekliker maak, is die feit dat daar geen beperking op die aantal inskrywings per koshuis is nie.**

Daar word in klasse wat wissel van O cc to 300 cc en hoër meegeding. Die dames neem in 'n aparte klas deel.

Die tydren vind plaas op Saterdag 4 Maart en begin reeds om 13h30. Hierdie kompetisie is heeltemal iets nuuts en beloof om een van die interessantste van die karnaval te wees.

Om die plek te kry, volg 'n mens die A.A. se rigtingaanwysers vanaf Oosterhof na die Ventersdorppad. Volg dan die pad tot by die links-afdraaipad agter die noord-Westelike Kommandement se Hoofkwartier. Daarna is dit ongeveer 11 km. op die grondpad.

# VOORLOPERS IN PUNTESTRYD VAN KARNAVAL

**Punte vir die karnavalbeker rol reeds vinnig in. Die eerstejaars se kollektelyste het reeds heelwat geld laat inrol.**

Die voorlopers onder die manskoshuise is Caput wat met 'n pro rata-bedrag van R33-36 voor is met Hombré kort op sy hakke met 'n R24-00 per eerstejaar. Dié twee koshuise kan maar nie te gerus voel oor die stand van sake nie. Klooster en Heimat is die volgende twee koshuise in die ry en is glad nie ver agter Hombré nie.

Die stand van sake by die dameskoshuise lyk baie meer opwindend. Verteet-My-Nie is die voorlopers met 'n gemiddelde R41-22 per persoon, maar Wag-'n-Bietjie jaag hulle met 'n kortkop. Die ander koshuise moet liefs nie uit die oog verloor word nie. Klawerhof het verlede jaar met 'n fenomenale eindpoging vorendag gekom en gewen.

Die seniors se lyste is nog nie ingehandig nie en dit kan lei tot 'n heel nuwe wending in die huidige puntestand. Die lyste moet dus ook maar so gou as moontlik inkom sodat die finale puntestand bepaal kan word.



*Motorfietse is een van die middelpunte van Karnaval vir 1978.*

# KARNAVAL-PROGRAM

**VRYDAG 3 MAART**
**Puk-mielielandfietstoer**

| | | |
|---|---|---|
| Vryburg | – 08h00 – | vertrek |
| Delareyville | – 11h00 – | aankoms |
| | – 11h35 – | vertrek |
| Sannieshof | – 13h00 – | aankoms |
| | – 14h30 – | vertrek |
| Biesiesvlei | – 15h30 – | aankoms |
| | – 15h45 – | vertrek |
| Lichtenburg | – 16h30 – | aankoms |

**Standaardfietstoer**

| | | |
|---|---|---|
| Bothaville | – 08h00 – | vertrek |
| Viljoenskroon | – 12h00 – | aankoms |
| | – 14h00 – | vertrek |
| Orkney | – 18h00 – | aankoms |

**SATERDAG 4 MAART**
**Puk-mielielandfietstoer**

| | | |
|---|---|---|
| Lichtenburg | – 10h00 – | vertrek |
| Coligny | – 11h00 – | aankoms |
| | – 11h30 – | vertrek |
| Ventersdorp | – 12h45 – | aankoms |
| Potchefstroom | – 14h00 – | vertrek |
| (h/v Meyer- en Tomstraat) | – 16h00 – | aankoms |
| Orkney | | |
| Standaardfietstoer | – 10h00 – | vertrek |
| Potchefstroom | – 15h30 – | aankoms |
| (h/v Tom- en Meyerstraat) | | |

**Motorfietstydren** – 13h30 – volg AA-rigtingwysers vanaf die kampus.

**Modeparade – middag – deur Martunis Höll**
**– aand – deur mev. Van Rensburg en Gert Coetzee**
**– 19h00 – 'n demonstrasie deur Helena Rubenstein in Karlien se sitkamer.**

**MAANDAG 6 MAART**
Sêrkompetisie in die Totiussaal om 18h30.
Studentevaria vanaf die Totiussaal uitgesaai.

**DINSDAG 7 MAART**
Sêrkompetisie – 17h00

**WOENSDAG 8 MAART**
Kaap na Rio by die dam – 16h00
Pukatletiek-kampioenskappe
Alabama in die Totiussaal – 20h15

**DONDERDAG 9 MAART**
Opening van Karnaval – 18h00 – kampus
Oorhandiging van pryse aan kapitaalskatjies
Skopfietswedren van die dameskoshuise, direk na die opening
Alabama – 20h15

**VRYDAG 10 MAART**
PU-Supaspele
Mooiivierspele
Stalletjies – geen middagete in koshuise nie; kaartjies ter waarde van R1 sal aan die koshuiskonvenor gegee word om in die koshuis te versprei.
Puk vs Wits

**SATERDAG 11 MAART**
Vlotoptog – 08h30 – Potchefstroom
– 09h30 – vertrek na Klerksdorp
Vervoer (busse) is beskikbaar vir studente
Trapkarwedren – 14h00 – begin op kampus
Koshuisorkeskompetisie – tydens trapkarwedren
Massa-ete – Op kampus en in biertuin
Geen etes in die koshuise; kaartjies word aan die koshuis-karnavalkonvenors verskaf om onder die koshuisstudente te versprei. Koshuisstudente moet sorg dat hulle dit kry.
Dorpstudente kan kaartjies by die SSR-kantoor koop vanaf Dinsdag, 7 Maart.

? ? ?



*Wie s'n gaan dit wees . . . Magdel Swanepoel een van die Kapitaalskatjies het inisiatief aan die dag gelê en 'n wedstryd uitgeskryf waarin 'n ring ter waarde van R3 000 gewen kan word. (Foto: Jaco Pretorius.)*

# Drama hou Gala

DIE dramavereniging bied op 8 Maart ter stywing van hul beursfonds 'n galapremière van "Die Tweekoparend" van Jean Cocteau aan. Die beurs word deur die vereniging self geadministreer en word toegeken aan dié dramastudent wat die aktiefste deelname in die departement en vereniging se bedrywighede toon. Daar word beoog om deur die jaar nog gala-aande te hou. Die galapremière word in die Kamertoneel aangebied en begin om 19h00. Na afloop van die opvoering word 'n kaas-en-wyn gehou. Almal is baie welkom en daar is nog 'n beperkte aantal kaartjies teen R3 per persoon by die bestuurslede van die dramavereniging beskikbaar.

# TRAP DIE WÊRELD VOL

**Twee fietstoere word dié jaar tydens karnaval op 3 en 4 Maart aangebied.**

Die Standaardfietstoer is nie alleenlik 'n geldinsamelingaksie nie, maar 'n poging om soveel reklame moontlik vir Karnaval te maak. Die roete strek vanaf Bothaville oor Viljoenskroon en Orkney na Potchefstroom. Op Viljoenskroon word middagete geniet en op Orkney aandete. Daar sal Saterdag laat weggespring word en die groep sal 15h00 in Potchefstroom aankom.

Die geld van die borge sal by die totaal van die koshuis gereken word en daar kan ook punte vir die Karnavalbeker verdien word.

Die Puk-Mielielandfietstoer se roete strek vanaf Vryburg oor Sannieshof, Lichtenburg, Coligny en Ventersdorp na Potchefstroom.

Elke manskoshuis skryf vier fietsryers in en is geregtig op 'n tegniese span met 'n voertuig. Die manne sal op Vryburg en Lichtenburg oornag. Die Karnavalkomitee sal die etes, fietsrybroeke plus 'n ekstra R50 voorsien.

Met dié toer kan ook lekker punte verdien word. Die manne sal op die einde van die roete hier in Potchefstroom gul deur die Pukke (en veral die dames) ontvang word – 'n goeie manier om "PUKKE KOM HELP" groots te maak!?

# Voortrekkers is besig

**Die Voortrekkers beplan om elke Maandagaand bymekaar te kom en dan die tema: Paraat-wees Vandag!, interessant saam met ander aksies deur te voer. Dié tema is gekies om die Staatmakers op die PUK weerbaar te maak in ons huidige politieke situasie.**

Die kommando funksioneer op 'n groepsbasis. Daar is drie groepe nl. die radiogroep – hulle gaan eenvoudige radiostelle en ander elektroniese apparaat bou. Die motorgroep wat die werking van motors gaan bestudeer en op die koop toe 'n ou DKW gaan opbou. Die derde groep is die kultuurgroep wat hulle gaan toelê op die ondersoek van bv. omstrede rolprente en opvoerings.

Vanjaar is alreeds 'n kamp gehou om die jaarprogram te finaliseer en dit beloof sommer om groot feeste te wees. Hoogtepunte wat ingesluit is, is: 'n staptoer in die Aprilvakansie en wel na die Blyderivierspoort. Met die Paasnaweek gaan die Staatmakers regoor Suid-Afrika in Durban saamtrek vir die Staatmakerskonferensie. Die Konferensie word voorafgegaan deur 'n kamp die naweek van 17-19 Maart waartydens die tema besondere aandag sal kry. In die Julie-vakansie word die vierjaarlikse Kongres bygewoon – weer in Durban en dit gaan lekkerder as 'n vakansie wees. Nog 'n hoogtepunt is 'n Skietdag wat saam met die Weermag gereël word.

Die Voortrekkers se belangstellingsgebied en werkterrein is baie wyd en daar is plek en 'n belangstellingsgroep vir elkeen. Almal – ou Voortrekkers sowel as nuwe belangstellendes – is altyd welkom.

# Wie SÊR die beste?

**Die Sêr-kompetisie is een van die groot gebeurtenisse van Karnaval. Maandag en Dinsdag (6 en 7 Maart) is dit weer sulke tyd.**

Mans- en dameskoshuise span Maandagaand hulle stemme saam in om te luister wie wen. Die singery begin om 18h30 en dit sluit ook Studentevaria om 21h45 in. Vyf van die beste groepe sal hulself dus oor Studentevaria laat hoor.

Dinsdagaand is dit een stryk deur enkelsêr. Dorp se dames sal die kompetisie om 17h00 open en Amajuba sal hulle laaste sing om 24h20 sing.

Die sêrkompetisie is 'n volle Karnavalkompetisie en elke koshuis sal 'n punt uit honderd kry.

Die Sêr vind in die Totiussaal plaas. Toegang is gratis.

# Pukke eet

**Op Saterdag, 11 Maart, word 'n massa-ete vir alle Pukke gehou. Die ete sal om 18h00 begin.**

Die koshuisstudente hoef nie vir die ete te betaal nie, maar hulle moet sorg dat hulle vooraf kaartjies by die koshuisverteenwoordiger kry. Daar sal dié aand geen etes in die eetsale bedien word nie.

Dorpstudente kan hulle kaartjies teen R1 stuk by die SR-kantoor koop. Kaartjies is ook op die kampus in die Frans du Toit-gebou beskikbaar.

„Pukke sal beslis nie met leë mae daar weggaan nie. Daar sal wors, "tjops", pap en sous, slaaie en toebroodjies ter spyse wees, asook koeldrank en bier om die kos mee af te sluk. Bier uit vaatjies sal teen ± 50c per glas beskikbaar wees.

Dit beloof om 'n groot aksie te wees en alle Pukke word gevra om dit by te woon.

**OM 'N PUK TE WEES IS OM 'N PUK TE GROET**


**MOOIRIVIER PADKAFEE**

verskaf

**GEKOOKTE ETES**

van Maandag tot Vrydag teen R1,30

**SPESIALE SONDAGETES TEEN R1,50**

**ONS IS ELKE AAND TOT MIDDERNAG OOP,**

**behalwe Dinsdagaande slegs tot 22h00.**

**Skakel tel. 21538 vir bespreking**

**MOOIRIVIER PADKAFEE**

**(Net anderkant Noordbrug op Carletonville-pad)**

**Kom geniet u Sondagmaal by ons!**

—P3861/7

# Amajuba-plaas oorhandig

**Die PUKKE het op Maandag 27 Februarie 'n plaas wat deur die Ossewabrandwag geskenk is ryker geword.**

Mnr. Willie Laubscher, voorsitter van die Grootraad van die Ossewabrandwag, het die plaas Amajuba by 'n spesiale Amajubadagviering aan ds. A.A. Venter, voorsitter van die Universiteitsraad, oorhandig.

By dié geleentheid het SSR hulle belegging van R5 000 in verdedigingsobligasies (nie bonusobligasies nie) aan die SAW oorhandig.

Elke dameskoshuis het 50 geskenkpakkies vir die manne op die grense oorhandig. Die gebaar is deur Aster geïnisieer.

Die damespeloton van Cachet-kommando het by die verrigtinge die vlaghysing waargeneem. Dit was die eerste optrede van die groep voor die PUK-massa.

Optogte van perde, motorfietse en trapfietse het die nodige kleur aan die fees verleen.

Met die oorhandiging van die grond is daar vereistes gestel wat die Universiteit moet nakom.

Die grond is uitsluitlik vir die gebruik van PUK se Blanke jeug bedoel. Die terrein moet voor 1981 ontwikkel word en die PUK moet dan in 1981 'n landwye Amajubafees reël. Die grond mag ook nooit vervreem word nie.

Die Vise-Rektor Prof. J.S. du Plessis het in sy boodskap gepraat oor die vryheidsideaal van die Afrikaner. Hy het verder 'n historiese oorsig oor Amajuba gelewer.

Brig. B.A. Ferreira wat namens die SAW die SSR-belegging ontvang het, het gesê dit is die jongmens se taak om verhoudinge met ander volke te bevorder.

Die Weermagmanne wat by die fees opgetree het, was op pad grens toe. Hulle sal die pakkies vir die ander grensbewakers vat.

Die Kultuurraad het na die geleentheid 'n bier-en-braai gehou vir die PUK-massa.

## WIEWEETWATWAARWAAROMWIEWEETWATWAAR



*Mnr. W.R. Laubscher, voorsitter van die Grootraad van die Ossewabrandwag, oorhandig hier die grond aan ds. A.A. Venter, voorsitter van die Raad van die PU vir CHO.*
*(Foto: Paul Slot)*




'n Vriendelike beroep word hiermee op alle personeel sowel as studente gedoen om vroegtydig aansoek te doen om parkeerkentekens aangesien geen voertuig op die terrein toegelaat kan word sonder die nodige vergunning nie.

Daar is tans genoegsame parkeerruimtes op die kampus vir alle persone in bogenoemde 7 kategorieë wat oor die nodige parkeerkenteken beskik. Hierbenewens word nou 'n verdere groot parkeerterrein noord en oos van die Biologiese Blok, veral vir studente, oopgestel.

Vanaf 27 Februarie 1978 sal die Verkeersdepartement van die Stadsraad streng teen alle persone optree wat parkeerreëls oortree in strate wat aan die Universiteit grens.

# AKSIE SAAMLEER

**U wou iets konkreets doen om ons volkereverhouding te verbeter . . . Gee u samewerking vir Aksie Saamleer.**

Prof. Hennie Coetzee sal Maandagaand, 6 Maart om 19h30 by die N.G. Kerk, die Bult, die stigtingsvergadering lei vir Aksie Saamleer.

Die aksie sal in samewerking met Ikapu aangebied word, 'n onderliggaam van die Studenteraad wat reeds ondervinding in die skolingvan Nie-blankes het. Die aksie sal geloods word deur Christen-Afrikaners om swarten bruinmense te help.

Hulle oogmerke is:

- Hulpklasse aan st. 8- en st. 10-leerlinge.
- Naaldwerkklasse.
- Kursusse in lees en skryf vir ongeletterde volwassenes.
- "Praat beter Afrikaans". "Praat beter Engels."
- Beginsels in die ekonomie, ens.

As beskermhere van die aksie tree die volgende persone in hul persoonlike hoedanighede op: Prof. Tjaart van der Walt, dr. Willem de Klerk, redakteur van die Transvaler, prof. Jannie Pieterse van UP, Prof. Gerrit Viljoen, rektor van RAU, en andere.



*Die Puk gaan sy eie wyn kry. Daar word beplan dat wyn onder 'n Puk-etiket bemark sal word. Verskeie wynproeaande om wyne te keur is die afgelope paar weke op die kampus gehou. Slegs drie bottels wyn per kultivar is beskikbaar vir die keuring en net 'n paar studente kan die keuringsaande bywoon. Op die foto is mnre. Pottie Potgieter, Michael Grobler, ds. Alwyn du Plessis en Leenster Pasch besig met die proeëry.*
*(Foto: Jaco Pretorius)*

## PLAKAAT-BEHEER

**Alle plakkate wat voortaan op die kennisgewingborde gaan verskyn sal aan plakkaatbeheer onderhewig wees.**

'n Datumstempel sal op alle plakkate moet verskyn voor dit op die terrein aangebring mag word en die plakkate sal op die bepaalde datum deur die Departement Sekuriteit verwyder word.

## NUWE PUK-TRUIE KOM

**Die lang verwagte Kampustruie sal aan die begin van Maart beskikbaar wees.**

Die truie sal in wit, maroen en ougoud beskikbaar wees met die pukkleure op die nek-gedeeltes.

Voordat die truie aangekoop mag word, moet 'n kleurekaart, wat by Danie Stolz beskikbaar is, gekry word.

## SENTRALE DATUMLYS

**Die SSR hou van vanjaar af in samewerking met die Departement Ontwikkeling 'n sentrale datumlys. Op hierdie lys wat in die SSR-kantoor gehou sal word, sal alle voorgenome aksies verskyn.**

Dit word versoek dat elke raad 'n persoon sal aanwys wat vir die betrokke raad se datums verantwoordelik sal wees. Die persoon wat 'n skakelbeampte kan wees, is dan ook vir die datums van die onderliggame verantwoordelik. Die doel van die datumlys is dat aksies op die kampus meer gekoördineerd kan plaasvind. Mnr. Danie de Kock versoek namens die SSR dat datums so gou moontlik ingevul word.




Vir die man wat bo die tye uitstyg, is daar 'n bank wat bo die tye uitstyg.

Bank Suid-Afrikaans.

Volkskas

DAMESBLAD ● DAMESBLAD ● DAMESBLAD ● DAMESBLAD

# TANNIE BABIE GLO IN SELFWEES

**Met die eerste tree voel jy dadelik hoe die huis en die rektorsvrou, tannie Babie, sprankel.**



*Tannie Babie v.d. Walt dink aan haar ontmoeting met prof. Tjaart.* *(Foto: Paul Slot)*

Dis nie net haar woorde wat jou laat tuis en welkom voel nie; dis haar hande wat saampraat, haar oë wat rêrig kyk en 'n enkele roos in 'n fyn glaspotjie op die swaar donker houttoonbank. Die eerste ingewing was natuurlik om verdwaas te voel, maar dis onmoontlik om lank dié gevoelente te behou, want skielik storm Johan (dis nou die oudste seun) en 'n klomp maters binne en vertel vir Ma van die vis wat hulle in die dam gevang het! Kort voor lank gesels ons geesdriftig terwyl ons sterk tee drink uit 'n fyn wit porseleinkoppie met 'n mentsjokoladetjie by.

Ons luister . . .

Mev. Van der Walt is in Rustenburg gebore waar haar pa 'n onderwyser was. Sy word groot op die Paul Kruger-skoolplaas: 'n spontane plaaskind wat wéét van wit aandblomme en nogwarmmelk. Haar vader kry later 'n pos by die Normaalkollege op Potch en sy gaan op Gimnasium skool tot st. agt. Haar laaste twee jare op die skoolbanke bring sy aan Monument-Hoërskool op Krugersdorp deur. Sy beleef haar skooljare baie intens: sy gaan daarvoor ín om elke dag 'n onthou-dag te maak. Duits was haar gunstelingvak, maar sy word nou nog driftig as sy aan Wiskunde dink! Tog was balans tussen akademie en ander bedrywighede toe al vir haar belangrik: sy speel vir haar skool tennis en geniet haar eksamens omdat sy maklik studeer het.

Wéér val haar klem op "intens leef" jou op, as sy oor haar studentelewe gesels. Haar hoofvakke was Geskiedenis, Duits en Bybelstudie, maar sy mis nie 'n enkele sosiale aksie nie. Haar stem kry so 'n nostalgiese toon as sy praat van toeka se tyd hier op Potch. Baie min studente het motors besit en almal moes dus naweke op Potch jolyt hou. Omdat almal mekaar goed geken het, was daar toe 'n sterker PUK- as koshuisgees. Hulle het baie met hul fietse uitgery om piekniek te gaan hou: "jy weet daar waar die Indiërwinkels nou staan" en "natuurlik die Mooirivier . . ."

"Hoe ek prof. Tjaart ontmoet het?" – haar hande bly 'n oomblik stil en sy onthou hoe sy in st. tien al sy foto in Helpmekaar-Hoërskool se jaarblad gesien het . . . "Moekie . . ." het sy toe al vir haar ma gesê! In haar eerste jaar het sy hom op hierdie einste ou kampus ontmoet (hoewel sy op daardie stadium met 'n ander ou gekys was), maar prof. Tjaart met sy gladde tong het kort voor lank haar voorspelling destyds teenoor haar ma, bewaarheid! Om 'n bietjie haar vlerke te rek, het sy op Potgietersrus gaan skoolhou en onder andere vir prof. Carools Reinecke Bybel gegee! Daarna 'n paar jaar by Helpmekaar skoolgehou en in 1958 trek prof. Tjaart haar vas.

Die volgende vier jaar woon hulle in Nederland waar sy leer Hollands praat, Hollands kook, Hollands dink! Sy beklemtoon die feit dat haar verblyf daar haar baie meer perspektief gegee het. "Jy leer om met andersdenkendes te kommunikeer", maar daar het sy ook die ontsettende invloed van televisie besef.

Haar verpligtinge as rektorsvrou (en haar oë praat saam!) is vir haar 'n heerlike ervaring en belewenis! Omdat sy vroeër predikantsvrou was, was daar hoegenaamd nie sprake van aanpassingsprobleme nie. Ook die feit dat sy en prof. koshuisouers van manskoshuise was, het vir haar baie beteken. "Jong, die mansgeslag! – hulle is 'n fassinerende geslag; so bruusk in 'n groep, maar elkeen van hulle het 'n hartjie so groot soos 'n duifeier!" . . . Gevleuelde woorde!

Omdat sy hartstogtelik belang stel in 'n student ("maar jou stem ken ek mos . . ." en "wat is jou hoofvakke nou weer?" . . .) is al die studentgesentreerde funksies wat sy moet bywoon vir haar geelperskeheerlikheid!

Tog let sy op die balans tussen ma- en rektorsvrouwees: "Ek reël my verpligtinge as rektorsvrou vir die oggende, sodat ek smiddae tuis is as Johan en Marianne my nodig het – jy weet hulle het katkisasiewerk en somme!"

In haar ruim geel kombuis werskaf sy graag, "maar ek weet nie genoeg om 'n boek te skryf nie, hoor!" Sy maak graag haar eie huisrokkies, maar is baie gesteld op spesiale drag vir spesiale geleenthede. Vroulikheid bly egter die prioriteit, "maar ek klim berg in vakansieklere en is dol oor 'n beret!" borrel sy. Mevrou lees veral geskiedkundige romans en is lief vir musiek . . . Op 'n pragtige ronde tafeltjie lê 'n kunsalbum van Suid-Afrikaanse kunstenaars.

Haar houding teenoor prof. Tjaart is baie duidelik ondersteunend, sónder om haarself te verloën – tog glo sy dat 'n vrou 'n reusesukses kan wees in die beroepswêreld.

"Ek is hoegenaamd nie gesteld op formaliteite nie, man!" – wees net jouself, spreek uit elke sinsnede wat sy uiter. "Ek is 'n vrou van 12 ambagte en 13 ongelukke," lag sy, maar haar smaakvolgemeubileerde sitkamer en familie-eetkamer met die ontroerend-mooi tafel-en-stoele-stel en Delft getuig van iets anders . . .

Haar beroep op ons dames: wees jou eie gewone self, wees trots op die PUK, leef jou Christen-vrouwees ten volle uit en maak elke dag 'n pepermentjie waaraan jy kan suig as jy op jou voorstoep sit: geplooid, maar gelukkig.

As ons die swaar houtdeur agter ons toetrek, weet ons hoekom prof. Tjaart haar sommer in haar eerstejaar nader gehaak het . . .!

# OLGA KIRSCH, 'N JOODSE VROU WAT IN AFRIKAANS SKILDER

**Hoe min weet ons dames nie van ons eie geslag se suksesse op die gebied van die Afrikaanse letterkunde nie! Ons het by prof. T.T. Cloete gaan kers opsteek om ons meer te vertel van die grootste digteresse; hier volg die eerste artikel in die reeks.**

Die Afrikaanse literatuur het min digteresse as prosaskryfsters opgelewer, hoewel daar onder ons prosaskrywers 'n groot vrou was, M.E.R. Elizabeth Eybers is onder die vroegste Afrikaanse digteresse en tot vandag een van die bekendstes. Nie lank ná haar nie het Olga Kirsch gevolg en ook Sheila Cussons, hoewel laasgenoemde baie jare alleen deur 'n paar tydskrifverse bekend was en nie so baie lank gelede nie vir die eerste keer gebundel het. Ek noem hierdie drie vroue omdat hulle al drie vandag in die buiteland woon: Elizabeth Eybers al 'n hele klompie jare in Holland, Sheila Cussons ook al jare in Spanje, en Olga Kirsch al meer as 'n kwarteeu in Israel. Hulle is al drie getroud met 'n man van die land waar hulle vandag woon.

Olga Kirsch is op Koppies in die Vrystaat op 23 September 1924 gebore. In 1949 het sy na Israel gegaan (die moderne Joodse staat, Israel, het sy ontstaan in 1948 gehad). Sy is getroud met prof. J. Gillis van die Weizmann-Instituut vir Wetenskaplike Navorsing in Rehovot, waar Olga Kirsch ook lektrise in Engels is. Sy het 'n meestersgraad in Engels. Sy het twee dogters.

Nadat Olga Kirsch in 1944 gedebuteer het met **Die Soeklig**; gevolg deur **Mure van Gister** in 1948, het daar 'n swye van 24 jaar in haar poësie gekom. Die swye het begin toe sy na Israel verhuis het, maar sy het wel enkele Engelse verse in Amerika gepubliseer. Maar onverwags verskyn haar bundel **Negentien Gedigte** in 1972, gevolg deur **Geil Gebied** in 1976. Albei hierdie jongste bundels is baie ryker en ryper as die twee vroeëres en is in die mooiste Afrikaans geskrywe, ten spyte van haar lange afwesigheid uit ons land.

Wat dit alles so boeiend maak, is dat hierdie vrou wat ons taal en ons land soveel eer aandoen, 'n Jodin is. In haar poësie vertel sy van haar herkoms uit ouers wat immigrante was – vgl. Vyf sonnette aan my vader uit **Negentien Gedigte.** In die eerste sonnet vertel sy dat sy haar as kind geskaam het vir haar vader se vreemde "spraak" in die twee landstale en hoe sy haarself "met alle mag wou maak soos kinders van die plek wat ek beny het!" Wat 'n vreemde wonder dat hierdie Joodse vrou onder die "kinders van die plek", Koppies, een van die voortreflikstes in die land geword het.

Hoe eg Afrikaans Olga Kirsch ook al is, was daar van haar debuutbundel af ook egte Joodse sentimente in haar poësie. Sy is 'n mens van twee volke en lande, ook van twee tye, want sommige van haar gedigte is Oud-Testamenties, ander modern Israels. En hoewel sy hoofsaaklik in Afrikaans dig, het sy ook Engelse verse geskryf, is ook Hebreeus magtig en het Hebreeuse poësie vertaal.

In die Taalfeesjaar, 1975, het Olga Kirsch, ná 'n afwesigheid van 27 jaar, Suid-Afrika weer besoek, om die taalfees by te woon op 10 Oktober by Paarlberg. Toe het sy Koppies weer besoek, ou vriende en skrywers weer opgesoek, die Afrikaanse Dameskring in Johannesburg toegespreek en groot vuur gemaak met haar koms hierheen. Mnr. Ernst Venter van Phalaborwa het in een koerant geskryf hoe hy in standerd nege op Koppies was toe die onderwyser Olga Kirsch uit die standerdvyfklas laat kom het om hulle te wys hoe **Vergewe en Vergeet** van Totius voorgedra moes word.

Ná haar laerskooljare op Koppies het sy haar hoërskoolopleiding aan die Eunice, Bloemfontein, ontvang. Daarna het sy aan Wits gaan studeer en daarna was sy 'n tyd lank onderwyseres en joernaliste.

Hoe maklik Afrikaans en Suid-Afrikaans Olga Kirsch is, blyk uit een van die strofes van die eerste gedig in **Negentien Gedigte:**

Droogte
Maar ek onthou die reën
onthou die westewind
swaarweer wat nader dreun
bliksems wat wit verblind
die takke nat en swaar
die vlaktes plas aan plas
die hemel hoog en belaai
die blare blink gewas.

# ONTSPAN MET OEFENING

*deur Rosalie de Klerk*

**Wat is ontspanningsgimnastiek? GIMNASTIEK beteken oefeninge of aktiwiteite. ONTSPANNING – nou ja, almal weet seker wat dit beteken. 'n Mens kry mos sommer so 'n gevoel van lekkerkry as jy die woord sien of hoor.**

En dit is presies wat Ontspanningsgimnastiek beteken, naamlik die doen van aktiwiteite of oefeninge wat jou laat lekker kry, lekker voel en lekker lag. Die lekkerste van alles is die feit dat die PUK ook so 'n klub het. Die klublede oefen elke Maandag- en Woensdagmiddag om 16h30-17h00.

Waar? As die son skyn: Op die grasperk tussen Wag-'n-Bietjie en Vergeet-my-nie. As dit reën: In die skermsaaltjie agter die muurbalklub.

Ledegeld bedra R5,00 per jaar en is betaalbaar by die koshuisverteenwoordigers. Vanaf 8 Maart sal ledekaartjies by die oefeninge getoon moet word en ledegeld sal dus voor die tyd betaal moet word. Die koshuise word soos volg verteenwoordig:

Oosterhof – Riana Visagie
Klawerhof – Märtie Nel
Kulu – Nelia Frey
Karlien – Anna de Klerk
Heide – Marié Cronje
Kasteel – Betsie Steyn (voorlopig)
Wanda – Aldie van Heerden
Wag-'n-Bietjie – Alta Diederiks
Vergeet-my-nie – Karin Geldenhuys (voorlopig)
Dorp – ?

Die bestuur is as volg:
Voorsitster: Alta Diederiks
O-Voorsitster: Aldie van Heerden
Sekretaresse/penningmeester: Marié Cronje

Die klub beoog die volgende aksies vir 1978:

1. Volgehoue oefeninge dwarsdeur die jaar aan alle dames wat nie aan 'n vaste sportsoort deelneem nie.
2. Gesamentlike uitstappies bv. staptoere – ver genoeg om ten minste 800 kalorieë te verbruik of fietsritte ná . . .
3. Deelname aan die S.A. Gymnastraeda te Pretoria in Oktober 1978. 'n Groep van ± 20 dames gaan gekies word om aan 'n studente-item deel te neem.
4. Uitgee van geskrifte aan die dames om meer inligting te verskaf ten opsigte van korrekte dieet, korrekte oefening, korrekte houding en hoe om van daardie ongevraagde vetrolletjies ontslae te raak.

Die eerste pamflet: "Fitness" of "Fatness". Die vrou en verslanking – Rosalie de Klerk, word te koop aangebied en is verkrygbaar by: (Mej.) R. de Klerk, L.O. Departement, P.U. vir C.H.O.

Die inhoud behels die volgende:
(a) Hou oefening 'n mens fiks en gelukkig?
(b) Sal geen oefening vet tot gevolg hê?
(c) Korrekte dieet- en kaloriegids.
(d) Aktiwiteite en kalorieverbruik.
(e) Oefeninge ter bevordering van beter liggaamshouding.
(f) Wat staan u te doen as u wil verslank?

# 'n Aand van Kyk en Droom

**'Aster' bied in samewerking met die Karnavalkomitee eerskomende Saterdag, die 4e Maart, twee modeparades aan: en jý wat nou hier lees mag dit beslis nie mis nie.**

Die aand is daar 'n spesiale parade net vir studente teen die minimale bedrag van R2. By die prys is 'n kaas-en-wynonthaal ingesluit. Mev. J. van Rensburg van Pretoria wat 'n modeskool behartig, laat meer as tien van haar modelle deelneem (daar sal dus beslis iets vir die oog van nuuskierige mans wees!) en mnr. Gert Coetzee, ook van Pretoria en 'n professionele modeontwerper, is hierby betrokke.

Die funksie begin 19h30 in die Sentrale Eetsaal en daarna is daar 'n kaas-en-wyn onthaal.

Die middag vertoon Marthinus Höll van sy klere en daarna volg 'n skemerkelkie. Die kaartjies is teen R10 by die apteke in die dorp beskikbaar.

Die R2-studentekaartjies is by eerstejaars in jou koshuis beskikbaar, so nie, kontak 'Aster'.

Dis 'n ideale geleentheid om vir 'n hele aand te vergeet van jou eie klerekasprobleme, te vergeet van jou kroesiehare en lang neus. Kom verlustig jou in die droomklere en tydskrifmeisies en daarna klink ons almal 'n glasie op die goedversorgde modebewuste Puk-dame. Ek sien jou daar!

# DIT IS WEER KUESTA-TYD!

**Dit is reeds bekend dat Kuesta vanjaar nie weer teen die gebruiklike tyd in April plaasvind nie, maar wel vanaf 3-7 Julie in samewerking met PUK en Pote. Daar word nog bespiegel of die tyd nie verkort moet word nie a.g.v. die brandstofkwessie. Die rede vir die verskuiwing van datums is bloot dat daar nie genoeg tyd is om 'n puik kunsfees gedurende die Desembervakansie te organiseer nie, aangesien die somervakansie van ± 3 maande alle reëlings lamlê.**

Dit is vanjaar die Sentrale reëlingskomitee van Kuesta se mikpunt om Kuesta in ere te herstel. Gevolglik sal KUESTA 1978 slegs uit 'n kunsfees bestaan. Vorige jare was daar bykans nie so iets soos 'n kunsfees nie. Al waarop KUESTA hom gerugsteun het, was die verskeie kursusse wat aangebied is. Daarmee het die hele idee van KUESTA in duie gestort. Die hoofideaal van dié instelling is om kuns by die Afrikaanse student aan te wakker en te bevorder, en hierin slaag die kursusse geensins nie.

Die ideale toestand wat Kuesta 1978 probeer skep is 'n kunsfees waar verskeie talentvolle AŞB-Geaffilieerde kampusse feestelik kan kompeteer en hulle verskeie kunsvorms kan uitleef. In samewerking met professionele departemente soos TRUK en die SAUK, wil ons dit so hê dat as 'n student 'n KUESTA-erkenning vir sy kunsvorm ontvang, dit 'n bevordering vir hom in sy beroepslewe sal wees. Hieruit kan u dus aflei dat die kompetisie groot en die beoordeling streng sal wees.

Daar word vanjaar slegs 4 afdelings aangebied. Die Kunsfees móét vanjaar slaag, daarom word die afdelings aangebied wat die grootste byval sal vind, naamlik drama, musiek, beeldhouwerk en skilderkuns:

A DRAMA

| INDIVIDUEEL | | | | GROEPSWERK | |
|---|---|---|---|---|---|
| Poësie | Monoloë | Gedramatiseerde Prosa | Gedramatiseerde Poësie | Een of meer bedrywe, 1-1¼ uur lank. | Eksperimentele werk: (bv. Dpt. P.U.K. se Skemervonkel en Sjörde) |

B MUSIEK

| INSTRUMENTAAL | | | | VOKAAL | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Lig | | Ernstig | | Lig | | Ernstig | |
| Individueel | Groep | Individueel | Groep | Individueel | Groep | Individueel | Groep |

C BEELDHOUWERK

| | | | |
|---|---|---|---|
| Moduleerwerk | Klipsnywerk | Handsnywerk | Gietwerk |

D. SKILDERKUNS

| SKETS | SKILDERYE |
|---|---|
| | Geen beperking word op die medium gestel nie, hou slegs vervoer en verpakking in gedagte. |

Baie belangrik is dat inskrywings vir afdeling C en D reeds vooraf gestuur moet word om tydens Kuesta beoordeel te word. Hou dit asb. in gedagte dat die werke versend moet word. Deelnemers moet inskrywingstukke op eie onkoste na die P.U. vir C.H.O. versend. Dit sal egter weer op KUESTA se onkoste terugbesorg word.

Wat die pryse betref, is dit werklik die moeite werd om aan 1978 se kunsfees deel te neem. Deelnemers staan 'n kans om 'n beurs van R500 in elke afdeling te verower. Daar bestaan dus 'n R500 beurs vir die algehele wenners uit drama, beeldhouwerk, skilderkuns en musiek. Verder word 'n R50 prys vir elke kategorie uitgeloof, bv. poësie, (drama individueel) of klipsnywerk, sketse, verhoogstuk ens.

Daar word gewerk aan 'n medalje wat aan wenners oorhandig kan word wat tiperend van KUESTA sal wees en jaar vir jaar oorhandig sal word. (Iets soos die SARIE-toekenning van die SAUK).

Bywoning van deelnemers in die beeldbou- en skilderkunsafdelings is opsioneel. Alle wenners (behalwe die R500 wenners) sal vooraf meegedeel word.

Pryse word in ontvangs geneem op Vrydag 7 Julie 1978 tydens 'n reuse banket, uitstalling van die deelnemers se kunswerke en 'n uitvoering van die wenners uit die drama- en musiekafdelings.

KUESTA 1978, met die samewerking van al ons Afrikaanse studente dwarsoor die land, beloof om 'n reuse en prettige aanpakking te wees.

SIEN ONS Ú DAAR?

# Montium dink na

**Lankal is daar beplan, gewonder en gewag vir die groot dag. Alles het vieruur die oggend begin. Ons wens is vervul. Ons is op pad Transkei toe.**

Piet (Beentjies) Joubert, toerleier, begin die oggend vroeg met 'n paar sangoefeninge terwyl die ander probeer om die oggend meer sinvol te begin.

Die pad is lank. Baie aktuele sake kom onder ons aandag. Dit wissel van die Biko-kwessie tot Esperanto, die wêreldtaal wat goed verteenwoordig is deur Paul Kruger.

Hierdie toer het ook sy klimaks. Die bakkie het gebreek. Omdat ons studente is het ons 'n bal gekoop en groot vermaak was die gevolg. Later moes Hans stilhou. Die dames wil van die mooi gevlegde grasmandjies hê. Watter vrou kan dit weerstaan?

Die mans swoeg en sweet, 'n pap wiel. Die belangstellendes, almal burgers van Transkei, word deur Rilda georganiseer om te dans. Hulle was in tradisionele drag. Jy weet mos – met langsteel-pype en geverfde gesigte.

Koffiebaai ... Van hier begin die groot stap. Oor los seesand, deur riviere, die een berg op en die ander berg af. Die ouens wat die vermoë gehad het om mag te delegeer, het van plaaslike vervoer gebruik gemaak – natuurlik teen vergoeding.

Die groep was baie uiteenlopend, maar nogtans het die gees altyd hoog geloop. Daar was Hollanders, 'n Afrikaanse Engelsman, 'n onuitputlike Anette, 'n energieke terggees, 'n 'kleurbewuste" Cassie en 'n Can-Can-Danseres.

Jy vra my of die toer mooi was? Jy weet dan. Geen woorde kan dit beskryf nie. Onvergeetlik? Oordeel self.

# KAMPUSFOKUS '78 SLAAG

*deur Annemarie Jacobs*

**Daar is goed geslaag in die doel van Kampusfokus '78, naamlik om by die kampusleiers hul plek en taak tuis te bring en om onderlinge bande heg te bind.**

Die besprekings was vrugbaar en soms baie heftig. Dit het gelei tot die volgende konsensusse:

**-Studentediens:**

Die KMD-skema is voorgelê en daar is voorgestel dat dit uitgebrei word om sielkundige en maatskaplike dienste, regshulp en 'n werkverskaffingsburo in te sluit.

**-Sportraad:**

Daar sal 'n oorkoepelende super-koshuisliga ingestel word. Dit sal die volgende inhou: die punte wat koshuise verdien in **elke** sportsoort sal bymekaar getel word om sodoende uit die groottotale 'n algehele superwenner uit die koshuise aan te wys.

Daar sal ook gepoog word om 'n busdiens na Park Ovaal en Olienpark in te stel vir studente wat vervoerprobleme het.

**-Koshuisraad:**

Daar is voorgestel dat die huidige besoektyd aan dameskoshuise ná sleeptyd van 10 na 30 minute verleng word (die Senaat moet dit egter nog goedkeur).

Drank mag slegs met toestemming van die prim's in die koshuise ingebring word.

Mnr. T. Fick, die hoof van Koshuisadministrasie, het statistiese verduidelik wat van die losiesgeld word. Ekstra onkostes word veroorsaak deur veral breekskade, aansit-etes, stygende pryse en kansellasies.

Die PUK-naam moet verskyn op koshuishempies en -sweetpakke. Daar mag geen koshuisbalkie op die kampustrui verskyn nie. Brosekamen moet geslaag word alvorens 'n kampustrui gedra mag word.

**-Korpsraad:**

Daar is algemeen gevoel dat die Aktueel-eerstejaarskampe noodsaaklik en waardevol is en dat die eerstejaars baie baat daarby vind. Sommige groepe het ook gevoel dat onderliggame van Korps, byvoorbeeld Politica, oorvleuel met die Rade – in dié geval Politiese Raad.

**-Oriëntering:**

Ná heftige bespreking is konsensus bereik dat die eerstejaars knopies en die mans ook nog dasse moet dra. Aan die gesagstruktuur moet uitdrukking gegee word deur die aanspreekvorm van juffrou en meneer/oom. Die eerstejaars mag verplig word tot gemeenskaplike dienste: pos-, telefoon- en voordeurdiens, lakensruil (by manskoshuise) en tee-haal tydens teetye. Daar mag geen bemoeiing met eerstejaars wees ná die ontheffingsdinee nie. Bogenoemde geld dwarsdeur die jaar.

**-Wapad:**

Die koshuise sal donasies uit die koshuiskas aan die Wapad gee. 'n Verteenwoordiger uit elke koshuis moet Vrydae sy koshuis se Wapaaie by die Wapadkantoor gaan afhaal en versprei. Die Wapad sal aan Dorpstudente gepos word.

**-Onderlinge Skakeling:**

Elke Raad moet 'n skakelbeampte aanwys. 'n Latere Kampusfokuskamp moet gehou word vir verdere motivering en terugkoppeling. Met betrekking tot borge en advertensies moet met Departement Ontwikkeling geskakel word vir beter koördinasie. SSR-lede is by die koshuise ingedeel om as skakel tussen die SSR en koshuise te dien. Persskakeling moet omsigtig hanteer word weens moontlike verdraaiing. Theuns Eloff en/of Piet Fourie moet eerder vooraf geskakel word.

**-Akademiese Raad:**

Die akademie het geweldig prioriteit geniet. 'n Stelsel van klasverteenwoordigers gekombineer met huiskomitees se monitor- of ouboetstelsels is voorgestel. Daar sal klasgroepe (± 15) onder leiding van aanvanklik die dosente en later 'n gekose klasverteenwoordiger sal bestaan. Geelkaarte moet ook beter deur H.K.-lede gekontroleer word. Hierdie stelsel moet nog deur die Senaat goedgekeur word en sal aanvanklik net vir eerstejaars geld.

**-Administratiewe Raad:**

Kampusdienste moet in Administratiewe Raad gekoördineer word. Die Karnavalvoorsitter, mnr. K. v.d. Walt, het Karnaval '78 uitgestip.

**-Politiese Raad:**

Studente móet polities meer bewus gemaak word deur, onder andere Studenteparlement. Die probleem of studenteleiers namens die studentemassa 'n politiese standpunt mag inneem, is lank bespreek, maar die volgende konsensus is bereik: dit sal verwelkom word as studenteleiers hul uitspreek oor politieke aangeleenthede. Kritiek op ander standpunte mag uitgespreek word, maar die eie standpunt moet ook gestel word. Voorbehoude hieraan die tyd, die metode. Die persoonlike standpunt moet nié as amptelike standpunt in die pers beland nie.

**-ASB:**

Mnr. Machiel Strauss, die president van die ASB, het die kamp besoek en gevra dat daar besin moet word oor oënskynlike beginselverskille tussen die PUK en die res van die Afrikaanse kampusse. Konsensus is bereik dat die grondmotief steeds die Calvinisme bly, maar balans moet bestaan tussen eenheid en verskeidenheid. 'n Oorkoepelende studenteorganisasie moet 'n gemeenskaplike basis hê waarna op hede gepoog word.

Ten slotte is daar 'n mosie van vertroue in die SSR-voorsitter vir 1978 ingedien wat algemeen deur alle kampers aanvaar is.

# VRIJE UNIVERSITEIT BOIKOT KONFERENSIE

**Die Amsterdamse Vrije Universiteit gaan moontlik die tweede konferensie vir Christelike opvoedkundige instansies boikot.**

Die konferensie wat by die Calvin College gehou word, is die tweede van sy soort sedert dit drie jaar gelede hier op Puk gestig is.

Onbevestigde berigte wil dit hê dat ander Amerikaanse Universiteite en instansies wat deur die Amsterdammers beïnvloed is, ook die konferensie gaan boikot.

Dr. B.J. van der Walt van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme het gesê dat die Amsterdamse Universiteit weer uitgenooi is. Die uitnodiging is van die hand gewys wat daarop neerkom dat hulle die konferensie boikot. Dr. Van der Walt het vanjaar se tema, **Geregtigheid in die Internasionale Ekonomiese Orde,** as plofbaar bestempel.

Die Rektor van Puk, prof. Tjaart van der Walt, sal die konferensie saam met agt ander hoogleraars bywoon.

# Politiese Raad Petisioneer

DIE raad van die Vrije Universiteit het onlangs besluit om nie die Konferensie van Christelike Hoër Onderwys in Grand Rapids by te woon nie, uit protes teen die teenwoordigheid van die Puk se afvaardiging. Na aanleiding van diè optrede, wat as direkte klag teen die integriteit van die Puk beskou kan word, het die SSR op aanbeveling van die Politiese Raad die opstel van 'n petisie goedgekeur waarin (a) die besluit van die Vrije Universiteit betreur word, en (b) 'n dringende versoek tot alle afvaardigings te rig om die noodsaaklikheid van dialoog te besef en dus ernstig versoek word óm wel die konferensie by te woon.

In hierdie tye van al dreigender isolasie, beskou die Politiese Raad dit as dringend noodsaaklik dat elke Suid-Afrikaner (en elke Puk) sy deel sal bydra deur in direkte dialoog met ons vriende in die buiteland te bly.

Om die erns van die saak onder ons te bewys, wil die Politiese Raad ten minste 4 000 handtekeninge versamel. Die koshuisverteenwoordigers sal eersdaags afskrifte ontvang vir die koshuise. Die Raad is vol vertroue dat die optrede suksesvol sal wees.

# die WAPAD

## Amajubadag

**Maandag 27 Februarie 1978 sal in die geskiedenisannale onthou word as die dag toe PUK 'n plaas gekry het. Dit was verblydend om te weet dat daar nog 'n Afrikanerideaal is waarvoor 'n mens moet stry. 'n Mens moet egter net waak teen die verabsolutering van die Afrikaner. Die Amajubadagviering was ook nie sonder haakplek nie maar op die oog af het alles glad verloop. Dit was 'n jammerte dat daar so min Pukke by die geleentheid was. Wat veral verblydend is is dat daar te midde van negatiewe elemente soos 'n neiging na verabsolutering van die Afrikaner ook positiewe dinge was soos die dinge wat Prof. Du Plessis genoem het. 'n Strewe na Afrikanervryheid laat Amajubadag dan ook vir ons 'n motivering wees om te veg vir ons taal maar ook om ander te respekteer.**

## Karnaval '78

**Karnaval is in die lug. Elke aand word meer en meer sêrgroepe op die kampus opgemerk. Naweke word Pukkies verkoop en trapkarre word tot laatnag nog op die kampus opgemerk. Die tweede groot gebeurtenis van 1978 lê om die draai. Pukke kom help is 'n tema wat ook spreek tot elke Puk. Ons doen dus 'n beroep op alle Pukke: Kom help om Karnaval '78 'n groot fees en sukses te maak.**

**Ons moet egter onthou om ook deeglik te besin. Hoewel dit een van die lekkerste tye op die kampus kan wees, kan onverantwoordelike optrede veroorsaak dat dit een van die swartste tye op die kampus kan wees.**

**Pukke gaan voluit. Ons is Christen-Afrikaners en weet hoe om fees te vier.**

## Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
ASSISTENT HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246
REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Amajuba 5620
NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Toit; Caput 22371/3375/3376
REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestorf Vergeet-my-nie 5511/5512
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915
SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp 6017
DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Klawerhof
KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp 6574
TEGNIESE REDAKTEUR: Christo Dippenaar; Caput 22371/3375/3376
REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
SEKRETARESSE: Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5511/5512
PENNINGMEESTER: Paul Slot; Dorp 23429
SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375-/3376
ADVERTENSIEBESTUURDER: Buks Steenkamp; Liberalia 22129




## WAT IS WAT?

**In watter kategorie? Waar pas jy in? Jy weet nie – jy is nog nie geklassifiseer nie? My wêreld, dis maar wat jy dink. Ons word almal geklassifiseer. Jy pas of in die vormpie of jy word afgeskryf – daar is 'n mooi vierkantige raampie waarin jy moet pas.**

Elkeen van ons het 'n kassie en aan die kassie word 'n etiket gehang. Dra jy crimplene, is jy verkramp; dra jy denim, is jy liberaal; dra jy nou klere, is jy uitlokkend; dra jy lospassende klere, verberg en misken jy die vroulike liggaam; dra jy jou PUK-baadjie, "zoop" jy vir SR; dra jy hom nie, is dit 'n teken van verval; dra jy 'n das, staan jy aan die kant van die establishment; dra jy nie een nie, is jy slap; dra jy duur klere, is jy spandabel en spoggerig; trek jy spaarsaam aan, kom jy in opstand teen die establishment; dra jy geen klere nie, is jy 'n nudis.

Êrens is daar 'n presiese spesifikasie waaraan jy moet voldoen om as mens aanvaar te word, want kyk, ons lewe almal saam hier en daarom moet ons almal dieselfde lyk.

Stelling: (i) Ek trek só aan. (ii) Almal moet dieselfde aantrek, hulle aansluit by die algemeen aanvaarde norme.

Gevolgtrekking: Almal moet soos ek aantrek.

**of**

Stelling: (i) Almal moet hulle hou aan sekere algemeen-aanvaarde norme. (ii) Ek is 'n Christen (algemeen aanvaar). Gevolgtrekking: (i) Algemeen-aanvaarde Christelike norme is die norme wat ek aanvaar. (ii) Almal moet hulle aan my norme hou.

'n Mens is veronderstel om iets meer as 'n plat vlak te wees. Daar is veronderstel om êrens iets meer as lengte en breedte te wees, êrens moet daar diepte bykom.

Om dieselfde redenasie as tevore te gebruik:

Stelling: Ek is 'n diep mens (algemeen aanvaar)

Gevolgtrekking: Die m stawe wat ek aanlê is dimensioneel, sluit le breedte en diepte in.

Volgende keer, voor j sluit ek is 'n watsenaam dat my hare te lank of te is, omdat ek krale om enkel dra, of omdat ek 'n of PUK-baadjie dra of dra nie, wag net 'n oom Voor jy my waarde bepa grond van my lengte breedte, spandeer 'n bi tyd – kyk 'n bietjie diep

Dalk is daar tog iets tu die hare, binne die P baadjie, agter die das krale.

Wie weet, dalk vind jy en dalk vind iemand ie jou.

## Van-Wie-Weet-Wie

## Uit die Woord

Deuteronomium 4:7: "Watter groot nasie het gode wat vir hulle so *NABY* is soos die Here ons God so dikwels as ons Hom aanroep?"

Die Christendom is uniek. Enig in sy soort.
Waarom?
Omdat, soos Deut. 4:7 sê, ons God *NABY* ons is.

Alle ander godsdienste, hoe magtig in omvang ook al, het een groot gemis:

Hulle god is dood, en hulle kon nie by hom uitkom nie. Al probeer hulle wat.

U kan maar aan enige godsdiens in die wêreldgeskiedenis dink,
– die Boedhisme, die Mohammedanisme, die Judaïsme
– enigeen –
en telkens sal u hierdie groot waarheid aantref:
hierdie gode staan ver weg.
Die mense kon hulle nie bereik nie.
Hulle kon die gode aanroep, en dien,
– en hoop vir die beste . . .
– Geen sekerheid. Geen intieme, persoonlike gemeenskap nie.

Daarteenoor staan die Christen in 'n uniek-persoonlike verhouding met die enigste ware lewende God self!

Die Bybel openbaar dat God met die mens 'n verbond gesluit het. God het naamlik na die mens gekom om hom te red. Om sy lewe te red. Hy het ons eerste liefgehad; en uitverkies – enkel en alleen uit genade.

In Deut. 4 herinner Moses die volk hoe die Here, hul Verbondsgod, met hulle bemoeienis gemaak het.

Hoe Hy naby hulle gekom het . . .
Uiteindelik, weet ons, het Jesus Christus, die Seun va selfs mens geword om boete te doen vir al óns onge hede.

So *NABY* het God aan ons gekom!

Meer nog: met die uitstorting van die Heilige Gees he Drie-Enig kom woning maak in die hart van elke gel

Want elke gelowige wat Christus liefhet, het uit di van die saak, ook die Heilige Gees in sy hart . . .

So dan is God *NABY* aan ons.
– in my hart en in my mond.

Daarom kon 'n gelowige sê: Ek leef nie meer nie, Christus leef in my.

Ons lewe met God. Ons aanbid Hom – *PRAAT* met en, Hy praat met ons deur sy Woord en Gees. So beoef gemeenskap met God Drie-enig. Dit is 'n intieme saa persoonlik.

Ek en my God . . .

Hierdie intieme persoonlike verhouding tref ons net Christendom aan. Daarom is die Christendom uniek.

Dit is nie so dat die Christendom maar een van vele dienste in die wêreld is nie.

Die Christendom is *DIÉ* Godsdiens.

Dit is absoluut omdat ons die enigste ware lewend aanbid.

Alle ander godsdienste se gode is afgode.
– "Die werk van mensehande" (– skryf Moses in vs. hout en klip.
wat nie sien nie en nie hoor nie
en nie eet nie en nie ruik nie".

**Swart en Wit moet saamstaan in die stryd teen kommunisme, anders is dié stryd reeds verloor, aangesien daar nòg hulp van Amerika, nòg verslapping in die houding van Rusland verwag kan word. Manie Meyer, voorsitter van die Politiese Raad, doen verslag.**

# DIE AFRIKA-SKAAKSPEL

**Die Weste, en veral die VSA en Brittanje, sowel as die Ooste, te wete Rusland, is vandag besig met seker een van die beslissendste politieke en militêre skaakspelle in Suidelike Afrika. Die vraag is nie net wie die spel gaan wen nie, maar veral hoe die Afrika-bord daar gaan uitsien ná die spel, watter stukke behou en watter prys gegee gaan word. Hierdie bespreking kyk kortliks na hoe elkeen sy spel speel en na dit wat die RSA sal moet doen om op die bord te bly.**

Rusland is nie sonder rede op die aanval in Afrika nie, want hy sal baie dinamies moet optree om die gevestigde Westerse kragpunte in Afrika, en veral in Suid-Afrika, te ontwortel. Die grondslag is reeds sterk op ideologiese vlak gelê deurdat die wêreld, en veral die V V O en die O A E, al lankal die drogbeelde van die Sowjetiese regsfilosofie, soos die reg op selfbeskikking van nasies en nasionale soewereiniteit gesluk het, ten spyte daarvan dat die figure nie aanvaarbaar vir die algemene volkereg is nie. Die Sowjet-Unie voeg nou die daad by die woord deur in navolging van sy ideologieë militêre steun in Afrika te verleen. Die redes vir die Russiese offensief is tweërlei. 'n Mindere oorweging is die Suide se minerale rykdom en produksiemoontlikhede. 'n Tweede rede is die Kaap se strategiese ligging. Hier is die Kaapse seeroete minder van belang as Suid-Amerika. Die Sowjet-Unie besef dat hy geen werklike rol in die politieke ontwikkeling van Suid-Amerika kan speel voordat hy die Kaap beheer nie. Dit sal hom 'n faktor in die Suid-Atlantiese oseaan maak wat weer 'n ongekende inslag sal hê op die vloeibare Latyns-Amerikaanse politiek, en daardeur die enigste werklike onbetwiste. Westerse alliansie, die OAS kan bedreig. Kuba se isolasie verval ook dadelik – wat Kuba se Afrika-entoesiasme verklaar.

Die VSA laat Rusland voortgaan in die hoop dat die Russe soveel foute moontlik maak. Om dit te bereik, is hy bereid om stukke te verloor. Amerika probeer van sy kant af so min as moontlik vonk aan die situasie gee. Hier lê die VSA se probleem met die Republiek. Die RSA is 'n vonk in die kruitvat waaroor die VSA nie beheer het nie. Die VSA stel ook nie belang in die kragdadige optrede van Swart en Wit in die Republiek nie, hy soek passiwiteit, 'n houding van los hier, los daar, miskien maak die Sowjet-Unie meer foute. Só word die Republiek onder druk geplaas sodat dit in die rigting beweeg waar die VSA dit wil hê.

Die Republiek staan nou voor die vraag of dit dieselfde houdings en foute as die VSA gaan aanhang en of dit uit die groef gaan kom, 'n eie rigting gaan inslaan en op die skaakbord gaan bly. Hiervoor moet ons die volgende riglyne navolg:

* Dit wat in Westerse belang is, is nie noodwendig in die RSA se belang nie. Die toepassing van Westerse denkpatrone kan vir ons net probleme bring.
* Daar moet 'n balans gevind word tussen passiwiteit en oraktiwiteit, aangesien beide ewe gevaarlik is. Só moet die Republiek nie té aktief wees t.o.v. Suidwes-Afrika nie, sodat die mense van Suidwes-Afrika in 'n kragdadige front kan ontwikkel wat die Sowjet-Kubaanse bedreiging kan teenstaan. Aan die ander kant mag die Republiek onder geen omstandighede blatante kommunistiese ingrepe verdra nie en moet as bron van vertroue vir ander state in die verbond dien.
* Soos dit in Suidwes-Afrika en Rhodesië geblyk het, kan die Blankes nie alleen staan in die anti-kommunistiese stryd nie. Daar moet nou reeds oor kleuren taalverskille heen 'n gesamentlike solidariteit teen die Sowjetiese opmars gebou word. As elke taal-, kultuur-, en rassegroep kommunisme selfstandig moet beveg, kan die stryd nou reeds gewonne gegee word. Ten minste 70 persent van die swart bevolkings van die RSA sal bereid wees om die blanke in sy stryd te steun. Hulle moet net die rede, vertroue en geleentheid daartoe gegee word.

# UIT NO. 13

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. – (Red).**

Geagte redakteur,

Dit was vir ons verblydend dat die PU vir CHO 'n eie volksfees nl. Amajubadag beplan en tot uitvoering gebring het. Dit was werklik 'n besieling om te sien hoe mnr. Jan Botha en die Kultuurraad moeite doen om so 'n besondere geleentheid aan te bied – 'n geleentheid waar die PU vir CHO weer as universiteit wat onbeskaamd Afrikaans is, terugdelf in die geskiedenis van die Afrikaner.

Maar wat 'n ontnugtering by al die moeite wat beplan is en wat ons ook tot uitvoering sien kom het:

Die meerderheid studente daag nie eens op nie.

Die kosbaarste besit van ons universiteit, ons geloof, word skade berokken deur volksondes wat op so 'n geleentheid na vore borrel. Laat ons verduidelik:

By al die mooi momente in die toesprake, het daar telkens 'n verwronge geloofskennis na vore gekom. Wanneer mens sou sê dat daar toevallig 'n paar soldate gedood is, getuig dit tog van geloof in die noodlot. As ons sou sê dat ons weermagmanne in die leër van ons Middelaar veg, dan sê ons daarmee dat God kant gekies het vir die Jood,heiden en ateïs wat ook deel van die weermag vorm. Die enigste leër van ons Here Jesus Christus is immers die kerk wat Hy uitgekies het en deur Sy genade dra.

Die hoogtepunt van Amajubadag naamlik die oorhandiging van die plaas het ook seker die grootste teleurstelling meegebring. Mens sou jouself wou afvra of die Afrikaner se stryd nie miskien verafgod is nie? Mens sou wou vra of die voorwaarde dat slegs blankes die Majubaterrein mag betree, nie rassisme is nie? Sou dit nie miskien meer gewens wees om dit as terrein kosbaar vir die Afrikaner te ontwikkel met toegangsreg vir alle bevolkingsgroepe nie? Moes ons nie as universiteit gesels het met die O.B. oor die voorwaardes waaronder hulle die plaas skenk nie?

Ons is tog dankbaar dat die S.S.R. in die ou tipe obligasies belê het. Dit word daaruit duidelik dat die P.U. bereid is om die weermag se hand te strek, sonder om die aantreklike sonde van die bonus (lotery) obligasies aan te gryp.

Pukke, laat ons ons geskiedenis bekyk asof ons onder inspirasie van die Heilige Gees na sy volk Israel se geskiedenis kyk in Psalm 78. Laat ons uit die verlede neem slegs dit wat die toets van God se Woord kan deurstaan en daarop voortbou. In ons volk se geskiedenis is daar inderdaad baie wat mooi en edel is deur die genade van ons Hemelse Vader.

**P.A. Odendaal**
**P.H. Fourie**
**Jan Venter**

**Let asseblief daarop dat dié manne die brief in persoonlike hoedanigheid skryf. Dié brief verteenwoordig nié die SSR of Die Wapad se standpunt nie. – Red.**

# Bravo Prof. Tjaart

Die Redakteur,

Laat ek heel aan die begin my stem in 'n voorbarige sin van die woord probeer dik maak, wanneer ek met vrymoedigheid seker gewis nie 'n stem in die woestyn sal wees nie.

Na 'n uiters teleurstellende tydverdryf in die Sentrale eetsaal, Saterdag 11 Februarie, met die verwelkomingsfunksie van die eerstejaars, is dit tog lekker om 'n Puk te wees. Dit het ons alles te dankie aan 'n Rektor wat sy sout deur en deur werd is. Ek verwys natuurlik na Prof. Tjaart van der Walt se "Bobbejaan klim die bergbetoog" in belang van die christelike karakter van hierdie Universiteit.

In die eerste plek was die doodgebore humor van die "never-mind-boer" wat skynbaar die leier van die groep sonder naam was, nie net vulgêr nie, maar in elk geval só droog en bodemloos dat sý verleentheid vir ons met tye groter was as vir homself, dink ek. Selfs die boodskap in sy sang was ewe droog en uiters onbevredigend. Toe die refrein van ". . . do you wanna make

Na bl. 8

Dit is gode wat die mens in sy nood nie raaksien nie.
Wat die mens se noodgeskrei nie hoor nie . . .
Gode wat die offers wat die mense bring
nie kan eet nie
en die reuk daarvan nie kan ruik nie . . .
Blinde gode . . . Dowe gode. *DOOIE* gode. Afgode.

Maar óns God is lewendig.
En dis net 'n lewendige God
wat Almagtig Alomteenwoordig
*NABY* sy kinders kan wees . . .
Só naby dat elkeen van hulle
- in enige eeu – op enige plek
- Hom kan aanroep – in Gees en waarheid!

Hoe naby is jou Here aan jou?!
Of is God, wat jou betref, dood –
en oneindig onbereikbaar ver . . .?
Is jou gebedslewe en jou persoonlike *GODS-DIENS*
'n getas in die duister?
Is jou studie – en die res van jou lewe
'n leë God-lose mistasting?

Jy moet dit vir jouself uitmaak.
En die antwoord soek *EN VIND*
in die Woord van God
en in gebed.

Anders aanbid jy mos nie die God van die Skrifte nie.
Want die God van die Skrif
Is *NABY* sy kinders
so dikwels as hulle hom aanroep . . .

# Groei bring vise-rektor

**Prof. J.S. du Plessis, eerste vise-rektor van die Universiteit, wat as 'n hulp vir die rektor aangestel is met die oog op beter bestuursfunksionering, verwelkom moontlike groei en keur goed-georganiseerde studentedienste goed.**

In 'n onderhoud met die vise-rektor wat tans as rektor waarneem, het prof. Du Plessis gesê dat hy 'n hulprektor is. Hy verkry al sy bevoegdhede deur delegering van die rektor af. Alhoewel daar pligte bestaan wat altyd deur die vise-rektor gedoen kan word, berus die finale verantwoordelikheid steeds by die rektor.

Die vise-rektor moet só op hoogte van sake wees dat hy as rektor kan waarneem wanneer dié afwesig is. In só 'n situasie word alle bevoegdhede aan die vise-rektor gedelegeer wat dan ook die volle verantwoordelikheid dra. Voor die instelling van dié pos het die ondervoorsitter van die raad as rektor waargeneem. "Wanneer 'n saak dringend is en nie kan wag nie, moet ek my eie diskresie gebruik en dié saak afhandel. As só 'n saak egter kan wag, moet ek dit laat totdat die rektor terug is."

**AANLEIDING**

Die motief agter die skep van só 'n pos is die bereiking van doeltreffender bestuursfunksionering. Die aanstel van 'n vise-rektor is 'n ontwikkeling by alle universiteite. Bestuurspligte het só geweldig gegroei dat die hoeveelheid te veel geword het vir een persoon. Op sommige universiteite is daar tot drie vise-rektore.

Op 'n vraag waarom die vorige rektor dan al die bestuurspligte alleen kon behartig, het prof. Du Plessis geantwoord: Die P.U. vir C.H.O. het in die afgelope dertien jaar gegroei van 'n klein na 'n redelik groot universiteit onder die hand van prof. Bingle. Hy het saam met al die ontwikkeling gegroei wat meegebring het dat hy dit kon hanteer. Wanneer 'n nuwe persoon in die pos aangestel word, moet hy alles saamvat en 'n oorsig daaroor kry wat nie altyd moontlik is nie.

**AKADEMIKUS**

"Ek was 33 jaar aan die geskiedenisdepartement van die P.U. vir C.H.O. verbonde waar ek 'n vol lewe gely het. Ook as dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte was ek baie gelukkig. Ek het met gemengde gevoelens die bestuurspos aanvaar. Ek verlang na die akademie, maar besef dat ek as eerste vise-rektor ook 'n roeping het."

Prof. Du Plessis is deur sy kollegas by die senaat aanbeveel. Hy ondervind ook die vertroue en ondersteuning van die raad, personeel en studente.

**GROEI**

Die universiteit het nie net in getalle gegroei nie, maar ook in werksaamhede. Alhoewel groei in die huidige ekonomiese klimaat moeilik is, bly dit noodsaaklik. Die vise-rektor het ook die beste hoop dat die universiteit sal bly groei. Dit is so dat die groei effens afgeplat het en dit is toe te skryf aan die feit dat stedelike studente weens finansiële toestande nou eerder plaaslik studeer as om na die platteland te gaan. "Maar solank as wat ons sorg dat die Christelike karakter in onderrig, optrede en navorsing tot sy reg kom, sal die P.U. vir C.H.O. bly groei. Enige ouer wat werklik begeer dat sy kind Christelike onderwys ontvang, sal sy kind stuur ten spyte van die ekonomiese probleme."

Die P.U. vir C.H.O. verwelkom groei. Bewerings dat die Vaaldriehoektak van die universiteit daar is om groei op die hoofkampus te bekamp, is onwaar. Vaaldriehoek is daar om 'n diens aan die plaaslike gemeenskap e lewer op versoek.

Wanneer die studentegetalle groei, word die Staatsubsidie ook verhoog wat weer 'n finansiële voordeel is. Groei moet egter beheer word en klasse so klein as moontlik gehou word. Soveel moontlik personeel moet behou word.

Groei bring altyd probleme mee. Daar is verskeie oplossings vir 'n te groot kampus, byvoorbeeld satellietkampusse. Die Universiteit van Natal het byvoorbeeld twee groot kampusse – in Pietermaritzburg en Durban onderskeidelik. 'n Universiteit moet altyd op 'n gereedheidsgrondslag wees om genoeg fasiliteite te kan voorsien, sou daar 'n ontploffing in getalle plaasvind.

**STUDENTEDIENSTE**

Studentedienste wat van owerheidsweë uitgaan, bedoel nie om studente te etiketteer nie, maar om 'n diens aan 'n bepaalde komponent van die universiteit te verleen. Oor afslag by winkels het prof. Du Plessis gesê dat hy nie besware daarteen het nie, mits dit só gedoen word dat daar nie teen sommige besighede gediskrimineer word deur hulle by voorbaat nie te betrek nie. Wanneer alle winkels 'n gelyke kans gebied word, hang dit van hulle self af of hulle daardeur bevoordeel of benadeel word.

# UIT NO. 13

Vervolg vanaf Bl. 7

love . . ." sidder deur die gemoedere van 'n skynbaar uitgelewerde gehoor, wat hunker na opvoeding aan die Puk, het 'n mens besmet gevoel onder die vaandel – In U Lig!

Wanneer 'n Puk-Door middedeel in hierdie verleentheid die holrugvraag – "Hoekom is jy op die PUK?" stel, dan besef 'n mens nie net die belangrike opvoedingstaak van die Universiteit, in die Lig van die Skrif nie, maar besef 'n mens dat dit 'n Tweedeklas verwelkoming aan hierdie jaar se nuwe Pukke was. Dit was in daardie verleentheid waarin menige senior student Saterdagaand verkeer het. Prof. Tjaart het op 'n grootmoedige wyse die afkeur van alle teleurgestelde Pukke, puik vertolk!

Nog was dit egter het einde niet, en kon daar nog nie uit die riool geklim word om iets beter aan te bied nie. Alhoewel daar verskoning gemaak is en 'n beter klas aanbieding in die vooruitsig gestel is, was dit tog duidelik met wat of wie ons te doen gehad het. 'n Eie komposisie- ". . . you told me it was easy . . ." het gevolg en later die res van die antwoord in die vry-seksueel-deurdronge-suggesties, in die konteks van ". . . where was you lastnight . . ." Dit was die groep sonder naam, se "never-mind" karakter wat homself 'n boer noem, se apologie!

Marie van Zyl het hard probeer om te red wat nog te red was, deur met haar emosioneel belaaide antwoord op Prof. Tjaart se "Bobbejaan klim die bergbetoog", ook maar dieselfde vulgêre, platvloerse, boodskap verder uit te dra in haar, ". . . lie close to me . . . don't care what happen . . ."-poging.

Die "Super Star" tussen die blou volstruisvere, met 'n anderhalf dosyn pogings, was m.i. 'n laagtepunt in die lae klas aanbieding van die groep in geheel.

Ek wil geen refleksies werp op die Kultuurraad nie, inteendeel ek wil saam met hulle teleurgesteld voel oor dit wat aan Pukke aangebied word deur sogenaamde kunstenaars, teen 'n prys, om 'n bydrae te probeer lewer in die sosialiseringsproses van die studerende jeug van ons volk.

Saterdagaand, 11 Februarie, laat 'n bitter smaak in die mond, maar ten spyte van alles vertolk Prof. Tjaart se optrede die juiste gevoelens van die meerderheid Pukke. In die lig hiervan kan elke nuwe Puk weet, ons stry voort onder die vaandel – "In U Lig". Dit is dan ook duidelik dat om Puk te wees beteken om verantwoordelikheid te aanvaar ook vir mekaar en leer ons almal uit die foute wat daar gemaak is met die 1978-verwelkomingsfunksie. Mag ons, onsself dan ook nie onderskat nie, maar uit ons laagtepunte uitstyg tot steeds hoër hoogtes, ook in dié verband!

Ons is ryk bedeeld met 'n Rektor en sy personeel wat weet hoe om te lei. Daar bestaan 'n Alabama uit die hart van gesonde studentepret en vrolikheid waarom sal ons dan nie vrolik en bly wees soos wat net Pukke dit kan wees nie? In U Lig sien ons tog immers dié lig!

Saam met Prof. Tjaart sê ons Pukke ook aan die nuwe Pukke van vanjaar, moet nie die Pukke onderskat nie, hulle praat 'n beter taal op 'n gesonde studentewyse, eie aan die P.U. vir C.H.O. Die spontane reaksie op Prof. Tjaart se betoog met die verwelkomingsfunksie van die eerstejaars, weerspieël hierdie gesonde PUK-gees wat uit sy nate wil bars met Karnaval of Intervarsity. Daarom is elke nuwe Puk welkom en sal hy of sy dit noodwendig geniet om Puk te wees, want om Karnaval of Intervarsity te geniet, is om dit soos die Pukke te geniet!

PUK-groete,
Johnny van Zyl,
OPPIKANT.

# *Oriëntering het voordele*

Geagte Redakteur

Na aanleiding van mnr. Levy se brief (Wapad 17 Februarie) wil ek hom graag antwoord op sy tweede punt betreffende oriëntering van persone na militêre opleiding. Ek voel dat dit nie net geregverdig is nie, maar ook sterk aan te beveel is dat sodanige eerstejaarstudente wel oriëntering ondergaan en dat hulle beslis nie eers uitgesluit moet word van sekere gedeeltes van die oriëntering nie.

Dit geld ook vir persone wat 2 jaar militêre diens, met miskien etlike maande grensdiens, agter die rug het, omrede die doel van oriëntering tog immers is om die voornemende student vertroud te maak met die nuwe terrein waarop hy homself begewe, om hom bekend te stel aan die aktiwiteite en mense wat deel is van hierdie nuwe terrein en bowenal om hom te laat tuisvoel en deel voel van 'n massa waardeur sy lojaliteit teenoor die PUK en teenoor sy koshuis gewen gaan word.

Dit is so dat 'n persoon na sy diensplig dikwels (let wel, nie altyd nie!) meer volwasse en verantwoordelik in sy optrede is, maar dit maak hom nog nie deel van die PUK nie. Om hom dan "tegemoet te kom" deur hom van oriëntering uit te sluit, word daar eintlik teen hom gediskrimineer, omdat hierdie persoon dan baie moeilik (of dalk nooit nie) kan inskakel, aangesien hy nie weet wat aangaan en waar hy in die studentestruktuur inpas nie.

Ek kan u die versekering gee dat ek my oriëntering na 2 jaar militêre diens terdeë geniet het en dat ek beslis baie daarby gebaat het.

Die SSR en Huiskomitees op die PUK besef dat daar weens die nuwe verpligte 2 jaar diensstelsel mettertyd wel aanpassings in oriëntering gemaak sal moet word. Ek glo dat aanpassings maar gering hoef te wees en dat dit meer 'n kwessie is om so 'n eerstejaar op 'n effens ander wyse te benader.

Lank lewe oriëntering!
**Dienspligtige**

# NOU PYPE VERVELIG

Geagte redaksie,

Net so 'n ou kort sakie – en daarmee ook 'n ope brief aan sommige Puk-dames. Dit gaan oor die "nuwe" modegier wat die modebase uitgedink het om weer hul bankrekenings vol te maak – die nimlike ou nou-pyp-broekies ("stovepipes").

Juffrou, doen jouself en tenminste alle **mans** op die kampus 'n guns en doen die volgende voordat jy in 'n "stovepipe" inspring (sommige dames sal nie anders inkom nie) en voordat jy jou buite jou kamr begeef:

- Klim op jou weegskaal of dié van 'n vriendin, apteek of mediese dokter. Jy moet ten minste 20 kg **onder**gewig wees om nie **volkome** belaglik in 'n "stovepipe" te lyk nie.
- Indien jy voel jou "stovepipe" is groot genoeg om jou en jou hele liggaam te huisves, klim/spring (skrap wat nie van toepassing) in en en kyk vir jouself in 'n **vollengte** spieël. (Klerewinkels beskik ook oor hierdie rare verskynsel, want skynbaar beskik min dames daaroor).

Let asb. na die volgende op:

- Kyk hoeveel breër die nou broekspype jou normaalweg-nie-te smal-heupe laat lyk – veel meer aksent op daardie deel van jou anatomie.
- Kyk hoeveel dikker jou bobene, in vergelyking met die res van jou bene en enkels lyk.
- Indien jy tot hier nog tevrede is dat jy op jou beste lyk, stap 'n entjie in die gang af (om jouself verleentheid te spaar, net nie verder as dit nie), gaan sit 'n paar keer en staan weer op en kyk dan weer in die spieël hoe pragtig gekreukel jou langbroek is, en hoe hy opskuif en knel om jou knieë en enkels: heel modern, nie waar nie!

Juffrou, as jy nog nie oortuig is nie, dink aan jou toekoms: Wil jy 'n oujongnooi word? Of dink hieraan: JY IS NIE SMAAKVOL GEKLEE AS JY 'N "STOVEPIPE" DRA NIE!

Dankie,

**Keelvol-vir-nou-pype op M.**

N.S. Alle dames kan maar die weegskaal- en vollengte spieëlterapie op hul gewone langbroeke ook toepas: broeke wat nousluitend om julle heupe sit sodat dit lyk asof dit 'n tweede vel is, doen jou eie beeld en voorkoms (om nie van jou smal heupies te praat nie!) nie eer aan nie – maak jou heupe dan maar liewers toe, gaan op 'n dieet of koop 'n ander langbroek.

N.N.S. Mans lyk net so swak en slordig in "stovepipes". Ek kan egter nie 'n beroep op hulle ydelheid doen nie – dus laat ek dit aan smaakvolle dames en hulle meisies oor om hulle aan te spreek.

N.N.N.S. "M" staan vir moedeloos!




## Makouvlei

'n Baie interessante jaar is op 'n baie interessante wyse ingelui, eers van 'n adder sy stert af, ongevalle steeds hoog word Mice byna doodgery en Pine verstuit sy hand, arme nursie!

Nietemin, baie geluk aan Klaas Laurens, nuwe primarius vir 1978 terwyl Ben "bulps" in die army verkoop, en sy nuwe huiskomitee Loekie Venter en Johan Ueckermann.

Van die HK se kant af 'n groot dankie aan Wanda vir julle ystervark, aan die HK van Wag-'n-Bietjie en ook aan Klawerhof, vir onvergeetlike aande. Goeie morele lesse word dikwels uit 'n mens se foute geleer. Twee sulke "moraliteite" is om liefs nie 'n warm Fonduevurkie in 'n mens se mond te steek nie, dit kan 'n mens se lip nogal brand nè, "prime"! En ook om nie bottels in eerstejaars se gang te breek nie.

Van die HK se kant af 'n groot woord van verwelkoming aan al die manne, oud-makoue, nuwes en eerstejaars. Baie geluk aan die eerstejare met julle puik vertoning by die eerstejaarsatletiek. Bly egter op julle plekke, kyk maar net na André – anders val julle ook dalk julle sterre af. Vasbyt vir 'n groot jaar, manne! Ook geluk aan Vuilkoos met sy naamverandering – hy is nou Koos Portugees.

Aan Pine en Heinz, die Vlei se eie gedugte kombinasie: welkom en baie geluk – voorwaar 'n wonderwerk vir die derde agtereenvolgende jaar. 'n Groot verwelkoming ook aan moeras, die koshuis se eie "mean Machine" of sal dit eerder meneer ingenieursprestasie wees! Ook aan ons nuwe "washing boy" geluk en wees seker van ons ondersteuning.

Meer ernstig dan, 'n bedrywige jaar lê voor die deur. As mens verby die akademie kyk, kan mens nie anders as om te besef daar gaan gewerk word nie. Karnaval lê voor die deur, en vanjaar die besondere eer om met Klawerhof vlot te bou. Dames, wees seker van goeie wedersydse betrekkinge.

Makouvlei se 25ste bestaansjaar word op 11 Maart op luisterryke wyse gevier met 'n reünie. Oud-Makoue landswyd is aan die optrek vir die gebeurtenis. Prof. Tjaart, Koos Kaffer Kruger en velerlei ander kleurvolle karakters van ouds sal die geselligheid opkikker.

Kortom dus, 'n jaar met mooi hoogtepunte reeds, waaraan ons gaan werk om dit so te bou.

## Wag 'n Bietjie

Oriëntering is verby, dore is nou volwaardige eerstejaars en die studentelewe op die Puk begin nou eers vir menige dames. Tyd vir [illegible] lê is daar egter nie.

Dit is akademie, s[illegible] telefoondiens en karn[illegible] Verder word daar ook "middies" gehou en na[illegible] lik is daar altyd 'n iets[illegible] ete of te drinke. Dit is w[illegible] en room en slaap op die[illegible] moenie eers van die "h[illegible] partytjies praat nie.

Die juk van die H.K[illegible] ook nou ietwat verlig. O[illegible] tering en aksies is oorle[illegible] daar word nou meer tyd[illegible] die akademie gewy. Ve[illegible] is die vroeg opstaan[illegible] oefening saam met die d[illegible] die briewe en telefoo[illegible] roepe van ontstoke ouers[illegible] arme eerstejaars, en[illegible] agterstallige slaap is oo[illegible] lankal ingehaal.

Verder word daar dee[illegible] in Wag 'n Bietjie reeds [illegible] rig gewerk aan voorb[illegible] dings vir karnaval. Die "[illegible] ball team" onder leiding[illegible] die energieke primaria o[illegible] dan ook elke oggend va[illegible] vm. ('n Aksie wat heel lo[illegible] deur die dames van di[illegible] blok waardeer word, aa[illegible] sien hulle elke oggend [illegible] die lieflike klank van gil[illegible] de dames wakker ge[illegible] word.)

Die Vlot-konvenors [illegible] hulle hande vol om te [illegible] sluit watter voorstel aan[illegible] moet word, almal is glo [illegible] "wen-gehalte". Die Kaa[illegible] Rio is reeds gereël, die s[illegible] fietsspan maak in die [illegible] heim planne om moon[illegible] sabotasie te voorkom[illegible] Annemarie het haar ha[illegible] vol met die inskrywing[illegible] die motorfietswedren. [illegible] toekoms vir die bont ski[illegible] en die pikkewyn lyk r[illegible] kleurig, of hoe sê ons Kl[illegible] ter?

Verder wil Wag-'n-Bi[illegible] net aan Ilsé Kuhn hart[illegible] welkom terug sê. Ilsé [illegible] deer vanjaar Sielkunde H[illegible] neurs, nadat sy verlede [illegible] die graad B.A. Maats[illegible] like Werk voltooi het.

## Villagers

So 'n dertig of wat st[illegible] kom die knapies toe [illegible] dapper hier aan. Dit is [illegible] die jongste koshuis op [illegible] Puk, se jongste inwo[illegible] Maar hulle loop hulle [illegible] teen vyf stoere ou manne[illegible] hulle gou 'n paar manier[illegible] liedjies leer, en weldra h[illegible] die dore nuwe "heroes".

Saam met Karlien [illegible] hulle "bubblegum", s[illegible] met Dorpdames 'n sjamp[illegible] je-ontbyt, en 'n lekker in[illegible] suigstokkie met Kasteel. [illegible] Villagers se vurige on[illegible] steuning kon ons atlet[illegible] maats, Heide, toe 'n g[illegible] tweede plek losslaan met[illegible] eerstejaars atletiek. B[illegible] geluk aan Karlien en H[illegible] bré met hulle oorwinning[illegible] En dan natuurlik Wa[illegible] Ons eerstejaars het tog te[illegible] tig 'n intertee gehad, en [illegible] lagers en Wanda gaan dit [illegible] die ander koshuise oor[illegible] om mee te ding vir [illegible] tweede plek tydens Ka[illegible] val se groot pret.

Op die rugbyveld be[illegible] Villagers groot dinge. S[illegible]

# NA HOSPITAAL

**Mnr. Ben Stolz, 22, van die koshuis, Afslaan, op RAU is tydens die jaarlikse Tjol-dans deur 'n swartman met 'n byl oor die kop geslaan.**

Mnr. Stolz, beter bekend as Pyp, en sy meisie, Gerda Lubbe, 18, het op die trappies van 'n nabygeleë gholfbaan gesit. Die swartman het eers verbygeloop en hulle daarna van agter bekruip.

Gerda het die swartman gewaar en gegil. Die byl het Ben teen die voorkop getref. Die swartman het weggehardloop toe Gerda aanhou skree het.

Hulle het deur die Rektor se tuin na die huisvader, mnr. Boet Müller se huis gestrompel. Mnr. Stolz is in die Johannesburgse Algemene Hospitaal opgeneem waar 'n operasie vroeg Saterdagoggend op hom uitgevoer is.

Die polisie soek nog na die aanvaller.


## PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK
"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875

ons sweetpak en hempie, gaan ons ook die mooiste rugby-trui hê. Maar die ander seuns gaan die klomp Villagersmanne vrees. Die Rooi Perd gaan alles voor hom platloop. Daarom oefen die manne al klaar onder die bekwame hande van mnr. Gawie Horn op die Fanie du Toit E veld.

Net 'n waarskuwing: Pas-op Pukke, Villagers kom!

## Overs

Vir diegene wat gehoop het dat die Leeu van Over de Voor stil-stil oor die vakansie sou verdwyn, wag daar 'n groot verrassing. Soos nog nooit tevore nie is hy oorgehaal vir alle gebeurlikhede, die kampus is syne en sy nootvaste stem sal weer ouder gewoonte gehoor word.

Reeds met die intrapslag van die eerstejaars was dinge volstoom aan die gang. Die koshuis is op 'n waardige wyse amptelik geopen en die ouers is almal verwelkom. Die ouerharte was verheug toe hulle besef het dat hulle kinders deel gaan word van 'n koshuis wat van hulle seuns manne gaan maak oor-eenkomstig waardige Over de Voor-tradisies.

Met die koms van die seniors het Over de Voor weer begin lewe. Daardie onvoorwaardelike lojaliteit teenoor dit wat Over de Voor is, was weer eens 'n belewenis. Gesamentlik is daar besluit dat die jaar getrou aan die suksesse van die verlede sal wees. Groot planne is op die stoep beraam. Aan diegene wat ons nie wil verstaan nie, net 'n vriendelike versoek – "staan opsy". Over de Voor gaan sy pad reguit loop, sy standpunt stel en soos altyd 'n positiewe bydrae lewer tot die studentelewe in die besonder en die Puk in die algemeen.

## Thaba Jäh

Thaba Jäh pronk weer met 'n nuwe laag verf en hoef hom geensins te skaam vir die nuwe Ekonomiese Wetenskappe gebou wat hom verdwerg nie. In die hoofkwartier van die silwervaring gaan die lewe sy gewone gang en is almal gelukkig en tevrede. Thaba Jäh deel die lief en leed van sewentig MANNE.

1978 gaan dan ook die jaar van groot dinge wees. Nadat die 25 klein varings opgevoed en grootgemaak is, begin ons onsself regkry vir die nuwe jaar.

Dinge wat altyd net drome was gaan werklikheid word hierdie jaar en dit is juis hierdie feit wat Drakenstein se teenstanders sal laat ligloop.

Die jaar gaan ook groot wees ten opsigte van karnaval want ons bou vlot saam met die bakste dames – Dorp! Donderdagaand begin ons al gees vang met 'n braaivleis in die vierkant. Dan lê die kaas en wyn ook nog voor (wat ons dan gaan vang . . .?) Maar een ding is seker Thaba Jäh en Dorpdames gaan 'n bak karnaval hê.

Vir oulaas 'n spesiale woord van welkom aan die seniors en aan die eerstejaars. Onthou – ons dra altyd die silwervaring met trots.

## Kasteel

Met die Kasteel-dore uitgebroei tot volbloedinwoners, is alle bedrywighede in die adelike woning in volle swang. Die "opstroppelis" eerstejaars is getem om aan te pas by die liefdevolle atmosfeer van hulle nuwe habitat.

Op Sondag, 19 Februarie, het die mam'selles van Castillos die monsieurs van Hombré in 'n straatkafee in La Parice onthaal. In die romantiese atmosfeer van flikkerende kerse, heerlike worsbroodjies en verfrissende koeldrank, het die twee bakste koshuise op die plaas ooreengekom dat die karnaval ten volle geniet gaan word.

Die nagtelike ure om Kasteel word gekenmerk deur besoekende sêrgroepe wat keer op keer 'n warm ontvangs kry. Sodra die son sy kop uitsteek, is die energieke Kasteeldames op en wakker in hulle sweetpakke; 'n gesonde liggaam huisves mos 'n gesonde gees! Dié drawwery word om tien voor agt voortgesit.

Wel, die wiel is aan die rol en Kasteel is reg vir Karnaval, Intervarsities en les bes . . . die akademie.

## Hombré

In Hombré is dit deesdae 'n gewoel en gewerskaf van 'n ander wêreld. In die gange is daar 'n verkeer wat die verkeer by "Uncle Charlie's" na 'n skaalmodel verkeerspatroon laat lyk. Manne draf die gange af om vir oulaas 'n verbete poging aan te wend om die akademie uit die modder te sleep, want ervaring het geleer dat Karnavaltyd nie juis die vrugbaarste akademiese tyd is nie.

So tussen die Karnavalreëlings deur, beplan ons op groot skaal vir die groot HOMBRÉ-dag wat vroeg in die tweede kwartaal gaan plaasvind. Wanneer ons so na al die reëlings kyk, kan ons net aan die res van die kampus sê: dit gaan 'n groot dag wees!

Ons maak dan ook net graag die volgende bekend: Magdel en Venita word gereeld natgegooi. Met die kameelperd en die seekoeitjie gaan dit sommer kloppisselboom. Hombré se oumenere is besig met 'n aksieplan om die sitkamer van Karlien vir ons almal beskikbaar te stel en nie net vir ons eerstejaars alleen nie.

En ten laaste maar nie die minste nie – ons sien uit na Karnaval veral met die samewerking van die knap dames van Kasteel.

saal weer makliker bereikbaar sal wees.

Die sêr-groep is weer druk besig om te oefen. Met Magdel Pieterse en Santjie Badenhorst aan die roer van sake beloof dit om ook dié jaar 'n groot sukses te wees. Ons hou duimvas vir julle!

## Kameelperdjies

Wanda – Hierdie dameskoshuis het in 1973 ontstaan en het sedertdien een van die bakste koshuise op Pukkieland geword. Die amptelike naam is Fort, maar die meer vroulike naam, Wanda, word verkies. In die vyf jaar wat verby is, het die Wandaliete aan die karakter en die gees van hul koshuis gebou. Nie alleen is hul trots op hul koshuis nie, maar het ook baie lief vir die koshuis geword.

Wanda se embleem is 'n kameelperdjie en dié troon trots op hul T-hempies, in hul koshuiskamers en in die voorportaal van die koshuis.

Die interessante manier waarop die koshuis gebou is, gee aan Wanda 'n besondere karakter. Van eentonige lang gange en vierkantige kamers is daar nie sprake nie. Die koshuis is in vier blokke opgedeel, sodat elke blok soos 'n groot familie is. Die basiese kleurskema van die kamers laat vryheid van verbeelding en oorspronklikheid toe.

Wanda se kleure is blou en wit. Die nuwe sweetpakke is verlede jaar in gebruik geneem. Die hokkie- en netbaldrag is ook verander om by die kleurskema aan te pas.

'n Vrolike blou-en-wit figuurtjie op 'n groen sportveld kan net 'n Wandaliet wees.

Wanda is 'n lewendige koshuis en talle aksies en geselligheid word gereël. Daar is ook 'n goeie verhouding tussen die eerstejaars en die seniors en dit dra tot die gees van die koshuis by. Met so 'n bak huispa, primaria en huiskomiteelede kan dit ook nie anders wees nie.

Op sportgebied het Wanda nog altyd goed presteer en ons sien na 'n jaar vol uitdagings uit. Ook op akademiese gebied het Wanda haar nog altyd laat geld.

Ons hoop dat 1978 'n gelukkige en 'n interessante jaar sal wees.



*Dis wat gebeur as Klooster besluit om baarde te skeer. Pieter Aartsma besig met Divvy Bebb se baard. Foto: Fanie Venter*

## Klooster

'n Groot ramp het die bewoners van Klooster getref – hulle snoepies het in vuur en rook opgegaan.

In 'n onderhoud wat ons met die eienaar Herman Kuscke gevoer het, het dit geblyk dat Klooster die aand van die 16de 'n aksie met Karlien gehad het. Dit was Herman se plig om die wors in sy stoof warm te hou.

Na die aand se gebeure het hulle blykbaar vergeet om die stoof af te skakel, want om 5.45 die volgende môre het die bediendes hom met 'n groot gejuig wakker gemaak, nadat hulle die rook gewaar het.

Gelukkig kon hy en 'n paar helpers die brand blus voordat dit verder kon versprei. Die skade beloop ongeveer R200 plus, en dit sluit in: 'n pak klere, 'n broek, 2 dose aartappelskyfies en 2 kartonne sigarette. Daar is ook skade aan die stoof en yskas.

Herman het die saak by sekuriteit aanhangig gemaak en omdat elke koshuisbewoner se persoonlike besittings in die koshuis vir tot R5000 teen brand verseker is, verwag hy om skadevergoeding te ontvang.

Dit is regtig 'n groot ramp wat Klooster getref het, maar Herman wil graag sy ondersteuners verseker dat hy van plan is om so gou as moontlik weer sake te doen.

## Klawerhof

Klawerhof deel vanjaar in twee vir Karnaval. Die een helfte van die koshuis sal saam met Liberalia vlotbou, terwyl die res hul gewig by Makouvlei gaan ingooi. Ons hoop dat dit met goeie gevolg gaan afloop! Die hele Klawerhof wil dan ook vir Makouvlei en Liberalia sterkte toewens met hulle Karnaval-ondernemings.

Ná meer as 'n week se gewerskaf tussen Klawerhof en Oosterhof begin dit eindelik lyk asof daar vordering gemaak word met die werk aan die rioolstelsel van die nuwe opvoedkundegebou. Klawerhof sien uit na die voltooiing daarvan: die uitgrawings het al skrikwekkende hoogtes begin aanneem en daarby was die gedreun van masjinerie onhoudbaar! Die belangrikste is egter dat die eet-

## Caput

Caput is besig om 'n algemene prestasie te bereik wat baie mense en instansies nog tot op datum nie kon bereik nie. Reg geraai. Caput is besig om volwasse mense uit sy eerstejaars te maak. Hierdie prestasie word ons beny deur baie ouers, die weermag, polisie en baie skole. Dis net jammer dat die proses so uiters stadig vorder, maar daar is hoop.

Die "jare" het Caput oordonder, maar dit het net 'n week geduur. Daarna is hulle reggeruk. Dankie aan die seniors. Julle opvoedingstaak is groot en moeilik, dog belangrik.

'n Tweede plek in die atletiek vir eerstejaars het 'n nuwe soort van vasberadenheid laat ontwaak. 'n Nuwe wil om te wen is aan die ontwikkel. Laat dit by voorbaat dien as 'n waarskuwing en nie later as 'n ontnugtering nie.

Karnaval is hier en reeds is voorbereidings aan die gang. Die eerstejaars plus seniors verkoop hulle Pukkies en help geesdriftig met die beplanning. Die organisasie van so 'n projek is iets wat altyd net sukses behaal as almal meedoen. Dit is wat Caput besig is om te doen.

Die jaar is nog nie ver gevorder nie, maar aan aksies ontbreek dit nie. Sêr-aksies word gereeld gehou. Gange 4 en 5 het 'n aksie met Ratau gehad wat geslaagd was. Ander gange se aksies word na berig goed ondersteun en die ontvangs by die dames is gewoonlik hartlik. Die rede – Caput is die gaste.

'n Gerug is in die omloop dat daar dalk 'n huwelik kan plaasvind. Heide en Caput sal seker eers by Prof. Attie en Prof. Rassie moet ouers vra, maar dit sal nie probleme oplewer nie.

Wat die rugby betref – 'n boodskap aan alle nuwe inwoners van Caput. 'n Prestasie soos verlede jaar, dat jou eerstespan tweede eindig en die tweede en derdespanne hul ligas wen, word met harde werk verwesenlik. Die oefening is oop vir almal. Julle is welkom. Baie dankie aan Oom Bob en Percy du Toit dat hulle weer eens bereid is om ons te laat sweet en . . . wen.

Vir eers groetnis, maar ligloop, want daar op die uithoek van die kampus woon die familie Caput. Hulle is dodelik.

## Oppikant

Die jaarlikse nekslag wat die akademie toegedien word, vind weer binnekort in die vorm van Karnaval '78 plaas. Saam met Kulu is OPPIKANT van plan om sy deel by te dra om daarvan 'n groot sukses te maak.

Voorstelle vir vlotbou lyk belowend en op hierdie vroeë stadium het die dames van De Klerkhuis alreeds hulle bereidwilligheid om saam te werk, getoon. Vlotbou is natuurlik die groot aksie tydens karnaval, maar dit is nie die enigste waaraan OPPIKANT'ers hulle aandag skenk nie.

Pukkie-verkope vorder reeds goed en OPPIKANT sal dalk nog vir 'n tweede kwota moet aansoek doen voor 11 Maart! Die fietstoere en motorfietswedren het 'n hele paar manne na gereedskap en onderdele laat gryp en die sêrgroep is ook al besig om vere reg te skud vir die kompetisie. 'n Orkes vir die orkeskompetisie het ook al op die been gekom.

Karnaval, hier kom OPPIKANT!

## Oosterhof

Wow! Dis lekker om weer terug te wees. 'n Mens voel mos eintlik nou eers – hier ná die oriëntering – dat jy regtig terug is. Terugwees is natuurlik net daardie ietsie lekkerder in Oosterhof . . . miskien omdat ons net daardie ietsie anders het.

Vanjaar gaan 'n lekker jaar wees. Dit het almal sommer al hier vroeg in oriëntering gevoel. Ons het die beste Dore op die kampus gehad en met 'n bietjie "leiding en hulp" van ons kant af, is hulle nou loshande die beste eerstejaars wat net reg is vir enige ding.

Karnaval is een van dié dinge wat van die begin af bestem is om groot te wees. Hoe kan dit dan ook enigsins anders as ons kragte saamgooi met Heimat en Uitspan? Vir die koshuise wat van plan was om die kompetisie te wen, het ons slegte nuus. Oosterhof gaan eerste kom . . . en tweede, want ons bou twee vlotte. Hoe is dit vir beplanning?

Tussen die organisasie vir karnaval, die slepery en die akademie maak ons nog 'n bietjie tyd vir die mooi dinge ook. Julle kan gerus 'n draaitjie hier kom maak en kyk hoe mooi is ons voorportaal. En ons het dit alles self betaal. Gelukkig tog dat tegnies daar is om die harde werk te doen, nie waar nie?

Ons sport, soos ons sports, is reeds goed aan die gang en daar is nie 'n sportsoort nie, of ons het 'n verteenwoordiger en klompe meisies wat daaraan deelneem.

Het ek al gesê dit gaan 'n groot jaar wees? Ek sê dit weer. Oosterhof doen alles groot, ons maak alles groot.

OOSTERHOF is groot!!!

## Uitspan

Vanuit die warm, gesellige stalle van Uitspan, 'n hartlike welkomsgroet aan al die Pukke wat weer terug is.

Die Rooi Beer hou hierdie jaar Karnaval saam met die Boonste vloer van Oosterhof. Die voorbereidings vir Karnaval lyk goed. Die Puk se wenvlot is reeds beplan – en ons gees sê ons gaan baie goed vaar.

Die hele Uitspan sal hierdie jaar weer aan die sêrkompetisie deelneem. Ons gees en samehorigheidsgevoel word versterk met die oefeninge vir dié geleentheid. Selfs Obies wat nie kan sing nie, roggel saam met die ander ouens. Die sêr-oefeninge saam met Oosterhof in die vroeë oggendure, is telkens 'n aangename afsluiting van die daaglikse katastrofes. Oosterhof is voorwaar 'n lig in die boer se lewe!!!

Heelparty dameskoshuise het ook al met 'n sêr-liedjie-of-twee hier by ons opgedaag. Baie dankie aan al die skone dames.

Dis veral die dames se sêrgroepe wat sleepaksies op tou sit. Robert was die eerste slagoffer van die skone Alta. Die arme Alfie het ook weer na 'n jaar se droefheid probeer. Ouens soos Pieter Blomerus is in 'n liefdesvierhoek gewikkel! Fielies was self 'n dag-of-wat dromerig oor iets of iemand. Mense wat lankal sleep het gou-gou die simptome herken – verliefdheid.

Die boodskapboek lewer op sy eie manier sy besondere bydrae tot die liefdesintriges van die koshuis. Reeds tweekeer is liefdesbetuigings aan sjarmante Dries Raath sommer-so in die boodskapboek gedoen.

Op sportgebied lyk alles ook rooskleurig. Vir die eerste keer in die geskiedenis gaan Uitspan 'n eie tennisspan inskryf, asook 'n span vir die dubbelpaaltjie krikettoernooi. Die gholfspelers in die koshuis het hoë vooruitsigte in die nabye toekoms. Die "Wôllie-bol" is nog steeds die "top" en die uitdaging van Uitspan aan enige koshuis is nog steeds van krag. Hoe lyk dit?

Kry jou
Puksakboekie
vir 1978
by die
SSR-kantoor




# TWEEKOPAREND VERVLEG GEWELD EN TEERHEID

**Jean Cocteau se literêre meesterwerk, *Die Tweekop-arend*, onder regie van Teunis Botha word vanaf Maandagaand 6 Maart tot 18 Maart in die P.U.-kamertoneel deur die Departement Spraakleer en Drama aangebied.**

Die drama wat allerweë beskou word as een van die mees uitputtende uitdagings vir moderne akteurs word nou vir die eerste maal volledig in Afrikaans opgevoer. SUKOVS het wel in die sestiger-jare 'n verwerkte aanbieding met net twee spelers, naamlik die Koningin en Stanislas aangebied.

**Tweekoparend** met 'n betreklik eenvoudige storieplan gee aan die spelers die geleentheid om werklik in 'diepte' in sy of haar karakter te delf.

Die Koningin oornag in haar bergkasteel, Krantz. Op hierdie nag verkry 'n revolusionêre digter, Stanislas, toegang tot die kasteel, met slegs een doel voor oë, naamlik om die koningin te vermoor. Maar dit gebeur nie soos hy dit beplan het nie. Vir drie dae bly hy in die kasteel. Die tragedie van Krantz sal altyd 'n raaisel bly.

Dit is enkele feite van die drama. Maar **Die Tweekoparend** is nie net 'n historiese drama nie – die gebeure in die kasteel en die verhouding tussen die koningin en Stanislas is die tema van Cocteau se drama.

**Die Tweekoparend** wil dus nie tydsgebonde wees nie. Die kontrapuntale opposisie tussen karakters is universeel geldend. Die verhouding Koningin teenoor Stanislas; Koningin teenoor Edith; Stanislas teenoor die Graaf van Foëhn en Felix teenoor Edith kan waar wees van mense in enige gegewe situasie.

**Die Tweekoparend** is 'n intense ervaring wat van die gehoor feitlik net soveel konsentrasie vra as van die spelers. Dit sou 'n eensydige siening wees om Cocteau se drama as 'n drama van geweld te beskou. Die drama beweeg so vinnig tussen geweld en intense teerheid, dat selfs die geweld in sy groteske poëties word. Poësie en geweld word nie hier in direkte opposisie geplaas nie. Altwee is gedurig teenwoordig.

Die rolle van die Koningin en Stanlislas word onderskeidelik gespeel deur Elize Scheepers en Peet van Rensburg. Ander spelers is Aldo Behrens, Liesbet Schoeman, Roeloff van den Bergh en Henk Wijbenga.

**Die Tweekoparend** is 'n drama waarna uitgesien word en nie misgeloop behoort te word nie!

# *Lee maak juwele*

**Lee Brews, 32-jarige Suid-Afrikaanse kunstenaar wat in Londen sy beroemdheid begin verwerf het, se uitstalling open Maandagaand 6 Maart, 19h30 in die Frans du Toit-gebou se uitstallingslokaal.**

Lee, seun van Sid Brews, bekende doyen van Suid-Afrikaanse gholf, is in 1944 in Johannesburg gebore. Nadat hy sy matriek by Potchefstroomse Boys High School behaal het, bestudeer hy kuns by die Johannesburgse Kollege vir Kuns. Daarna ontvang hy onderrig by Clifford Flymen in Amsterdam. In Amsterdam ontmoet hy vir Jean Atkinson, 'n Engelse ballerina in diens van die Nederlandse Ballet Geselskap met wie hy later in Johannesburg getroud is. Sedert 1973 woon en werk hy in Londen.

Lee is lief vir gemengde media. Olieverf, emaljeverf, pastel en potlood word soms saam op papier of seildoek gebruik. Reusagtige seildoeke sowel as kleiner papier-oppervlakke word met deursigtige verflae bestryk, met rollers bewerk en beklad totdat interessante vorms daarop verskyn.

Dikwels word dikker ondeursigtige pigment op uitgesoekte plekke bo-oor, naas of rondom reeds geskepte vorme of teksture aangebring om hulle te verdoesel of te beklemtoon. Dit bring mee dat die geheelbeeld een van bewegende vorme, kleure en teksture in die ruimte is.

Gewoonlik is Brews se kleurgebruik subtiel, maar die ongewone kombinasies daarvan laat die oppervlakke van die skilderye soos juwele gloei. Sy oppervlakke word met soveel stemming en ruimtelike diepte gelaai dat dit vir die oog, hart en verstand ontdekkingstogte is. Dis dikwels moeilik om die betekenis van die titels van die werke te assosieer met die werke self. Lee se werke sou dalk meer interessant gewees het as die titels weggelaat is, en dit aan die kyker oorgelaat word om sy eie betekenis aan die werke, verby die voortreflikheid van kleur en abstrakte komposisie, te gee.

Dit is 'n groot eer wat die P.U. vir C.H.O. te beurt val dat Lee Brews hier op eie bodem van sy werke kom uitstal. Hy het al in talle kunssale in die buiteland, onder andere die Ben Uri en Gilbert Parr Gallery in Londen en die Art Contemporian in Parys uitgestal.

Daar word met groot verwagting na sy skilderye wat 'n sonderlinge en onteenseglike aantreklikheid het, uitgesien. Die uitstalling duur tot 18 Maart.



*Prof Ballot in gesprek met Lee Brews by een van sy skeppings.*

# KAYSER-SZIGETI -EGPAAR TREE OP

**Die egpaar Micu Szigeti (tjello) en Nils Kayser (klavier) wat onlangs van Oostenryk na Suid-Afrika verhuis het, het gesorg vir die tweede Collegium Musicum konsert van 1978.**

Die musiekkonsert was gisteraand, 2 Maart, in die Konservatoriumsaal en die ervare klavier-tjello-duo het vir 'n interessante en genoeglike aand gesorg. Hulle het werke van B. Martinu, Bela Bartok, J. Nin en Brahms gespeel. Na 13 jaar van duo-uitvoerings in Duitsland, Frankryk, Switzerland, Oostenryk, Engeland, Nederland, Joegoslawië, Turkye en Israel het die egpaar hulle in 1973 in Suid-Afrika kom vestig.

Micu Szigeti is in Boedapest gebore. Sy het haar opleiding in Hongarye, Duitsland en Frankryk ontvang en was onder andere eerste solo-tjelliste van die simfonie-orkes in Haifa, Israel.

Nils Kayser is in Heidelberg (Duitsland) gebore. Hy het sy opleiding in München en Parys ontvang en was onder andere klavierdosent in Duitsland, Israel en Oostenryk.

Albei die musici is tans verbonde aan die Musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

# Lens 75/76 weer beskikbaar

**Lens 75/76, die digbundel wat deur die Skrywerskring van die P.U. vir C.H.O. uitgegee is, is nou weer by die S.S.R.-kantoor beskikbaar teen 'n spesiale afslag vir studente, naamlik R1,00.**

Die digbundel bevat 33 gedigte van 12 jong digters. Die redakteur is Callie van Pletsen en die keuring is gedoen deur Jan Swanepoel.

COLOURED CONSOLATION

Djy's net maar djy
tot die end van djou tyd
al word djy ôk blinkvet
of kou droe beskuit
al het djy die mooi goed
of stokou gemors
djy's net maar djy nê
diep onner daai kors

djy's beter as ekke
of ek slegter dan djy
's net luck en good fortune
dat djy alles kry,
so, sometimes dan loer djy
so vies – vies vi my
ma' – kyk innie mirror
djy sal my ôk da' kry

nei Mástis en Mêrrims
's nothing, 's O.K.
djy sien, by die einde
then the Lord has the say . . .

Callie van Pletsen, die redakteur
"Lens 75/76"

**NOCTURNE**

nagtelank het ek alleen
na die reën teen my ruit
geluister

ek het alles gereed gemaak
vir jou
wit narsings vir jou hare
en reëndruppeltjies vir jou hals
en ek het gewag
en gebid

totdat die narsings stil
geword het
sonder jou hare
en die druppeltjies droef was
in my hande

Johan Myburg

**ADAM**

I

Hy moes met lеё onsekerheid
die woes wêreld
instap.

Sy blinde oë het oopgespring
toe hy die goddelike volheid
ruik.

Sy dowe ore het die lui frases
uit die vleie opgepik, en hy het
gehoor.

Sy pap-stram spiere
het uit hul slaap verstyf en soepel
voortgedraf.

Eers toe, kon hy die stem hoor
wat met hom praat en sê:
Jy is alleen . . .

II

God het die verdwaalde seun
in 'n slaap
laat droom.

Diep versonke
het hy aan son ontbloot
gelê.

Toe die weste kleur
het hy hom uitgestrek
en het sy oë op 'n vrou gespring.

Sy eensaamheid is getem
en skielik het hy in bandelose
vryheid opgespring
en man geword . . .

**Gerhard Moolenbeek se wengedigte in verlede jaar se ASPU Nasionale Poësie-kompetisie. Gerhard is 'n student aan die Pretoriase Onderwyskollege.**


**ORIENTAL STORES (PTY) LTD**

AFSLAGWINKEL

**Tel: 2-1011** **Winkel 17**
**Bus 61** **Indiërsentrum**



***VOORRAADHOUERS VAN:***
*SENITH, CAMBRIDGE EN VAN BUREN-HEMDE*
*KORT- EN LANGBROEKE*
*TWEE- EN DRIESTUKMANSPAKKE*
*ONTSPANNINGSDRAG*

**Sien ons vir WATSONSKOENE**


OM 'N PUK TE WEES IS OM 'N PUK TE GROET

# *CINE-PUK*

**Cine-Puk het weer vir 1978 'n interessante spyskaart filmvertonings beplan wat in elke Pukstudent se smaak behoort te val.**

Later iets meer oor elke afsonderlike film – vir eers net wat tot einde Junie in die Totiussaal gesien kan word:

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | 17/3/78 | Vlindervanger |
| Saterdag | 18/3/78 | Mean Machine |
| Vrydag | 31/3/78 | Fighting Mad |
| Saterdag | 1/4/78 | The Omen |
| Vrydag | 7/4/78 | Death Wish |
| Saterdag | 8/4/78 | Human Factor |
| Vrydag | 28/4/78 | Last Hardmen |
| Saterdag | 29/4/78 | Skyriders |
| Donderdag | 11/5/78 | Blackbeards Ghost |
| Saterdag | 13/5/78 | Killer Force |
| Vrydag | 19/5/78 | Dit was aand en dit was môre |
| Saterdag | 20/5/78 | Cross of Iron |
| Vrydag | 26/5/78 | Diamonds |
| Vrydag | 23/6/78 | Winter van 14 Julie |
| Saterdag | 24/6/78 | Breaking Point. |

# NUWE BEDELING IN KOSHUISSPORT

**Met die instelling van die oorkoepelend koshuisliga gaan daar dié jaar gepoog word om sport aan koshuise te verbeter.**

Die nuwe stelsel behels die volgende:

- Dat aan elke moontlike sportsoort op interkoshuisvlak deelgeneem word, met ander woorde 'n interkoshuisliga vir elke sportsoort wat hom leen tot spankompetisie.
- Dat minstens drie koshuise aan bogenoemde ligas deelneem alvorens punte toegeken sal word.
- Dat sportsoorte in drie kategorieë verdeel word. Die eerste kategorie behels rugby, krieket, atletiek, tennis, netbal en dameshokkie.

Die tweede kategorie behels sportsoorte soos muurbal, pluimbal, swem en landloop.

Kategorie drie behels trapkar, tafeltennis, vlugbal, ringtennis, gimnastiek, karate, judo, skerm, valskerm, kano, stoei, onderwatersport, sokker, korfbal, gholf en fietsry.

- Dat punte toegeken word as volg:

| | eerste | tweede | derde | vierde | vyfde |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kategorie I** | 20 | 16 | 12 | 8 | 4 |
| **Kategorie II** | 15 | 12 | 9 | 6 | 3 |
| **Kategorie III** | 10 | 8 | 6 | 4 | 2 |

- Dat daar 'n koshuisverteenwoordiger deur die sportlid van die huiskomitee vir elke sportsoort aangestel word op moontlike aanbeveling van die sportklub.
- Dat die verteenwoordiger van sy spesifieke sportsoort (byvoorbeeld hokkie) op 'n koshuiskomitee saam met die ander hokkieverteenwoordigsters onder voorsitterskap van die ondervoorsitster van die hokkieklub sal sitting hê.

Die komende jaar gaan bekend staan as keerpunt in koshuissport daar die sportraad in samewerking met die sportinstituut hom daadwerklik gaan beywer tot die verbetering van koshuissport.

Met die instelling van die oorkoepelende sportliga word koshuise nou "verplig" om aan soveel as moontlik koshuisligas deel te neem. 'n Koshuis wat byvoorbeeld met rugby en met pluimbal tweede eindig het net soveel punte as 'n koshuis wat die rugbyliga wen en vyfde in die pluimbal eindig.

Die kleiner sportsoorte kan hierdeur slegs bevoordeel word sonder dat groter gevestigde sportsoorte enigsins benadeel word.

'n Borg van R700 word in die vooruitsig gestel. Die verdeling daarvan sal later bekend gestel word.

Die prestige waarde daaraan verbonde om die oorkoepelende sportliga sowel as byvoorbeeld die rugbyliga te wen sal veel groter wees as slegs die wen van een betrokke liga.

Die sukses hiervan sal afhang van die getroue en entoesiastiese deelname van elke sportman in sy betrokke sport. Hierdeur sal minder potensiële sportsterre verlore gaan en kan dit as belangrike bron van Puksportspanne dien.

# MANS HOKKIE HERLEEF

**Mnr. Johan Pretorius, voormalige Wes-Transvaalse en Griekwa-hokkiespeler is nader geroep om die manshokkie aan die Puk te laat uitstyg tot een van die sterkste Suid-Afrikaanse Universiteitspanne.**

Mnr. Pretorius het ook gereeld aan die S.A.-hokkieproewe deelgeneem.

Daar wag hierdie jaar 'n druk program op die twee beste spanne van die Puk. Oor die Paasnaweek gaan die manne in Oos-Transvaal 'n toer onderneem. Daarna neem die Wes-Transvaalse en ook die Suid-Transvaalse binnenshuise liga, wat in Vereniging gehou word, in aanvang.

Beide spanne gaan ook hierdie jaar aan die intervarsities teen RAU en Kovsies deelneem.

Die manne van die Puk kan reeds vroeg hulle hokkiestokke gaan koop want mnr. De Wet, die sekretaris van die PU se manshokkieklub, is baie entoesiasties dat dié seisoen 'n groot oplewing in manshokkie gaan meebring. Alle belangstellende spelers moet Maandag- en Woensdagmiddae hul opwagting by die Fanie du Toit-sportterrein maak.

*Manshokkie gaan hierdie jaar weer groot hoogtes bereik.*



## *Afrigterskwessie:*

# PUK-POTE

**Na aanleiding van 'n hele aantal berigte wat beweer dat die PUK gebruik maak van die POTE-afrigters het die WAPAD prof. Scholtz, ook voorsitter van die P.U.-Atletiekklub, se mening gaan inwin omtrent die saak.**

"Die PUK maak nie net gebruik van POTE-afrigters nie maar wel van oud-PUKKE wat vroeër op die een of ander manier verbonde was aan die P.U.-Atletiekklub; hetsy deelnemers of bestuurslede was aan dié klub. Dit is mense wat aan die ouer bestuurslede ou bekendes is."

Dit blyk ook duidelik dat dit dié betrokke persone se wens is om te help. "Die PUK het groot erkentlikheid teenoor die POTE dat hulle ons wil help sodat ons die afrigtingspotensiaal van Potchefstroom beter kan koördineer tot voordeel van ons atlete." Dit is dus nie die POTE wat die PUKKE tot hulp snel nie - albei partye vind baat hierby. Die POTE maak gebruik van sekere van die PUK se fasiliteite, terwyl van hulle afrigters ons atlete afrig. Terselfdertyd rig ons afrigters hulle atlete af.

"Dis vir my sinneloos dat twee inrigtings 100 m van mekaar af oefen en sou weier om mekaar te help. Dit gaan tog basies om die beste diens aan ons atlete en nie om kompetisie tussen die PUK en die POTE nie. Hierdie samewerkingspatroon is uitgewerk met die volle steun van die rektore van die P.O.K. en die PUK tesame, en moet beskou word as 'n deurbraak in sportsamewerking. Atlete moet liefs die geleentheid aangryp tot hul eie beswil as om irritasies daarin te soek."

"Die klub behoort groot waardering te hê, aangesien dit 'n liefdesdiens is waarvoor geeneen addisioneel besoldiging ontvang nie."

Die POTE-afrigters wat wel ook PUK-atlete afrig is: Mnre. Barry Richter en Manie du Plessis; asook mejj. Ria van den Bergh en Dalene Snyman.

Mnr. Barry Richter was vroeër 'n o/17 S.A.-rekordhouer en die eerste atleet wat aan die PUK gestudeer het met 'n sportbeurs. Hy het gevolglik ook vir die PUKKE deelgeneem.

Mej. Ria van den Bergh is 'n oud-kapteine van die P.U.-atletiekklub asook lid daarvan vir baie jare reeds. Sy het ongeveer vyf tot ses jaar vir die PUK deelgeneem o.a. verlede jaar nog. Die PUK is dankbaar dat hulle haar nog kan betrek as 'n PUK.

Mej. Dalene Snyman het al ongeveer agt jaar in die klub afrigtingswerk gedoen. Sy het begin nog lank voor die ingebruikneming van die Fanie du Toit-terrein. Mej. Snyman is dus al tien jaar nóú betrokke by die P.U.-atletiekklub en het gehelp met atlete soos Ruanda Jacobs en selfs Ria van den Bergh.

Mnr. Manie du Plessis is so tien tot twaalf jaar al met die PUK-atletiek doenig. Hy was self op sy tyd 'n goeie veldatleet in die skyfwerp- en gewigstootitems, en het vir die PUK op Dalrymple deelgeneem.

Al vier die persone is dus bekende ou Staatmakers. "Miskien wil hulle deur middel van afrigting iets aan die Atletiekklub teruggee."

Persone wat dus aanstoot neem in verband met die afrigterskwessie is mense wat nie goed bekend is met die agtergrond van hierdie saak nie.

"Dit sal dus jammer wees as persone ongelukkig voel daaroor. Laat ons dié positief benader en waardering betoon aan dié soort vrywillige diens."

So 'n gees sal kameraadskap tussen die PUK- en die POTE-atlete bevorder. Kom PUKKE, laat ons dus hierop uitbou!

# SPORT

# *ATLETIEK NEEM VORM AAN*

**Ná die Eerstejaarsbyeenkoms het ook die seniors 'n kans gehad om te sien waar hulle in Atletiek met mekaar staan, op die Wes-Tvl. Ope Byeenkoms gehou op die Park Ovaal die 15 Februarie.**



Daar is nog meer as genoeg skaafplekke, maar dit wil darem lyk asof PUKKE die ding sal kan doen vanjaar. Die hoogtepunt van die 15de Feb., was ongetwyfeld die aksievolle 800m vir mans. Louis Liebenberg het sy mede-atlete lelik verras toe hy in die pylvlak onder Gerrie Jacobs uitgeskuif het om die item in 'n goeie tyd van 1:52,1 sek. te wen. Nog pragvertonings is deur Allison Marais (100 H), Leonie Smit (200m); Brian Schmidt (200m); J. Vermeulen (verspring) en Kobus Visser (100 H) gelewer. Ongelukkig kan dieselfde nie gesê word van die 21ste se byeenkoms nie.

Dit was 'n redelik teleurstellende byeenkoms met geen wafferse uitblinkers nie, moontlik toe te skrywe aan die daaropvolgende Bill Troskie Byeenkoms, alhoewel Alta Stander 'n baie verdienstelike 400 m afgelê het in 'n tyd van 57,7 sek.

*Louis Liebenberg kan gerus tydens die Puk-atletiekbyeenkoms dopgehou word.*

# Puk-kampioenskappe word prestige byeenkoms

**Die Puk-atletiekkampioenskappe gaan nie meer soos in die verlede in 'n sirkus ontaard nie.**

Hiermee word bedoel dat slegs die beste atlete uit elke koshuis volgens 'n vasgestelde standaard mag deelneem. Volgens mnr. Jos Sirakis, voorsitter van die PU-atletiekklub moet atlete nie mislei word deur die opgestelde standaarde nie.

In die verlede het dit gebeur dat sekere koshuise meer as die gevraagde aantal atlete per item ingeskryf het om sodoende bonuspunte vir die koshuis te verwerf. Dit het veroorsaak dat die byeenkoms baie vertraag is.

Mnr. Sirakis het dit duidelik gestel dat atlete wat laat by 'n item aanmeld, nie mag deelneem nie. Atlete moet 'n halfuur voor die aanvang van die spesifieke item by die lotingstafel aanmeld sodat die inskrywings gekontroleer kan word. Geen atleet sal ook toegelaat word om deel te neem as hy/sy nie 'n nommer het nie.

Volgens mnr. Sirakis sal die program stiptelik nagevolg word en hoef atlete dus nie te vrees dat hulle te vroeg begin met hulle opwarming nie.

Daar wag dus op elke Puk-ondersteuner lekker braaiboud atletiek. As daar nog verder in ag geneem word dat ons vanjaar oor van die beste atlete in die land beskik, kan ons ons gereed maak vir 'n hele aantal rekordpogings.

In die naellope vir dames is daar Vivian Louw, Petro van Rensburg en Allison Marais wat vir die nodige opwinding gaan sorg. By die mans gaan Jan Theron, Marius van der Merwe, Pieter Peens en Brian Smith mekaar opkeil.

By die middelafstande gaan Alta Stander, Amanda Uys, Lolla Claassen en Lynette Tait, by die dames, en Bubé Pienaar, Theo Pekelharing, Gert Doorewaard, Louis Liebenberg en Nollie Meintjies by die mans, vir die drama sorg.

Neem verder in ag dat in die velditems daar name soos Piet Goosen, Org Danhauser, Fanie Kruger, Saartjie de Villiers, Christine Bench en Wilna Fourie is, begin daar so 'n krieweling langs jou ruggraat afbeweeg.

Dit is egter nie al waarmee die Pukke kan spog nie. Wie sal ooit daardie stapstryd tussen Piet en Karel Meyer verlede jaar vergeet? Wanneer laas het toeskouers so vasgenael bly sit by 'n stapitem wat oor 5 000 meter beslis word? Om die veld verder te versterk is Christo van Wyk ook daar om te verseker dat Karel Meyer met slegs sy beste vertoning vorendag sal moet kom as hy wil wen.

Laastens is daar ook Nanda Barnard om in die hoogspring dop te hou.

Watter Puk-student sal kan kla om sy hand in sy beursie te druk en vyftig sent uit te haal om soveel puik atlete in aksie te sien?

# Pukke vaar goed in Vrystaat

**Tien PUK-atlete is uitgenooi na die Bill Troskie-atletiekbyeenkoms verlede Vrydagaand op Bloemfontein.**

In Blikoorland is die PUKKE se vaandel hoog gedra toe Everhard Wiehahn ('n gewese Vrystater) en Dawie Malan, in die paalspring, met 'n hoogte van 4,66 m die eerste en tweede plekke ingeneem het. In die 3000 m vir mans was Gert Doorewaardt derde in 'n tyd van 8:14,1 sek. Louis Liebenberg het dieselfde afstand afgelê in 'n tyd van 8:20,0 sek. Dit was beide atlete se beste tyd van hulle loopbaan oor dié afstand.

Viv Louw was vierde in die 100 m vir dames met 'n tyd van 12,3 sek. Die PUK het drie vyfde plekke ingepalm: Allison Marais se 14,4 sek. oor die 100 Hekkies; Tommie Ferreira se 54,1 sek. vir die 400 hekkies; en die 21,8 van Brian Schmidt in die 200 m vir mans.

Slegs uit die prysgelde is dit duidelik dat mnr. Troskie goed daarin sit. Die eerste plek was 'n ronde R70 werd, die tweede R45 en die derde R20. Wie sê die atlete kry darem nie so nou en dan 'n beloninkie nie? Drie jaar gelede, met die instelling van die Bill Troskie-Byeenkoms het mnr. Troskie 'n "skamele" R80 000 bewillig vir atletiek. (Die termyn waaroor dit strek is nie bekend nie).

# Sportkorrels

**deur die Sportredakteur**

## Karnavalsport '78

**Vir die volgende week of wat sal die boeke effe opsy gesit word deurdat die Puk-atletiekkampioenskappe op Woensdagaand, 8 Maart, plaasvind.**

Dit is egter nie die enigste rede nie. Die rugbymanne oefen reeds baie hard om aan Allen Sutherland se Witsies te toon hoe feesrugby gespeel moet word.

Tydens karnaval sal die supersportmankompetisie vir genoeg drama sorg. Verder is elke manskoshuis oorgehaal om aan die ander te toon hoe 'n trapkar gery moet word terwyl die Kaap na Rio-wedvaart die geesdrif hoog sal laat loop.

Elke Puk-student het dus die geleentheid om aktief deel te neem aan al die sportaktiwiteite. Laat ons dus in ons massas na die Park-ovaal optrek om ons atlete ten volle te ondersteun sodat elkeen net sy heel beste kan lewer. Kom ons wys verder aan die Witsies hoe daar feesgevier moet word sodat ons self later kan terugkyk na 'n suksesvolle 1978 karnaval.

Benader dus karnaval '78 in 'n nugter en positiewe gesindheid en lewer julle beste.

# MOOIRIVIERSPELE VONKEL

**Pukke hier kom 'n hoogtepunt der hoogtepunte. Op Saterdag 11 Maart om 07h30 begin die Mooirivierspele met water-items in en om die Mooirivier.**

Die uitdunne vir die damesokker en die toutrekuitdunne begin reeds die oggend om 08h00 en sal ongeveer tot 10h30 duur.

Die amptelike opening van die spele sal deur prof. Tjaart waargeneem word. Ná die amptelike opening deur prof. Tjaart sal 'n swerm wit duiwe losgelaat word. 'n Optog van dertig studente van elke koshuis sal hierna met hulle koshuisvaandels oor die spelegebied beweeg.

Die opmars sal begelei word deur die Pukkies en 'n orkes. Om meer kleur aan die optog te gee sal die koshuisprosessie gevolg word deur fietsryers en motorfietsryers.

Interessante items op die program is 'n akkuraatgooi met 'n trekkerbinneband en ook 'n kruiwaresies met die Pukkies as passasiers. Die plesierigheid sal gevolg word deur die eindronde van die toutrekkompetisie.

Kort hierna sal die eindrondte van die sewemanrugby plaasvind.

Om meer professionaliteit aan die sportgebeure van die dag te verleen is daar nog die Supaspele of te wel die Supersportman kompetisie.

Die Supaspele word gekenmerk deur bekende name in die sportwêreld. Michiel Steenekamp sal die oorhandiging van die pryse waarneem.

Die tien deelnemers aan die Supaspele is: Pierre Spies (rugbyspeler en atleet), Eddie Dorey (Karate), Naas Botha (rugby), Gerald Bosch (rugby) Fanie van Zijl (atleet), Francois Stander (gimnas), Hugo Baiochi (gholf), Flame Niewenhuizen (spel sonder grense), Dawie Malan (spel sonder grense).

'n Bekende sportman wie se naam nog nie bekend gemaak is nie, sal ook aan die Supaspele deelneem. Daar is ook gereël dat 'n bekende liggaamsbouer by die spele sal wees.

Die Bek van Boomstraat kan ongelukkig nie die spele bywoon nie. Hy het te veel ander verpligtinge om na te kom. Ander sportsterre wat genader is, maar nie kan kom nie is Ewald Bonzet, Gary Player, Johan Kriek en Morné du Plessis.

# Sportpersoonlikheid van die week

**Petro van Rensburg is een van die belowendste naelloopatlete op die Puk. Die eerste indrukke wat 'n mens van die meisie van Vryburg kry, is dat sy baie beskeie is en nie maklik oor haar prestasies op die atletiekbaan gesels nie.**



*Petro van Rensburg. Een van Puk se belowendste damesatlete. Foto: Jaco Pretorius.*

Tweedens weet sy egter wat om te sê as daar aan haar 'n vraag gestel word. Sy huiwer nie 'n oomblik om te sê dat haar enigste mikpunt hierdie jaar die Suid-Afrikaanse kampioenskappe wat in April plaasvind, is nie. Hier gaan sy te doen kry met name soos Ursula Wessels, Claudie van Onselen, wat deesdae weer baie goed op dreef is, Vivian Louw wat self 'n goeie 100 en 200m atleet hier op die Puk is en Sandra Barnard van die Kovsies.

Die huidige Suid-Afrikaanse onder 18 kampioene in die 100 sowel as die 200m spog met 'n beste tyd van 11,3 sek. in die 100m wat sy in 1976 tydens die Colgate Ope in Bloemfontein opgestel het. Dieselfde aand het sy die 200m in 'n baie vinnige 23 sek. gehardloop. Tydens die eerstejaars-byeenkoms het sy dan ook die rekord in laasgenoemde item geslaan deur die afstand in 'n goeie 24,9 sek af te lê. Die bestaande rekord was 25,7 sek wat in 1976 deur Vivian Louw daar gestel is.

Petro is 'n meisie wat glo dat harde oefening die enigste antwoord is om resultate te behaal. Daarom gun sy haarself slegs een maand rus gedurende die jaar. Tydens die wintermaande doen sy 'n bietjie padwerk maar spits haar hoofsaaklik toe op gewigte. Gedurende die seisoen is sy elke middag op die baan besig met spoedoefeninge met die doel om tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe haar topvorm te bereik.

'n Groot deel van haar prestasies kan daaraan toegeskryf word dat sy die afgelope drie jaar onder die wakende oog van Rocko Olivier geoefen het. Sy word tans deur Manie du Plessis afgerig.

Die Pukke kan gerus die tweestryd tussen Petro van Rensburg en Vivian Louw tydens die Puk-kampioenskappe gaan dophou.


PAN COETZEE UITRUSTERS

Kerkstraat 95 Tel 7990

POTCHEFSTROOM

DIENS EN KWALITEIT IS ONS LEUSE


# LIGA MAKLIK GEWEN

**Die eerste krieketspan van die Puk het sonder enige noemenswaardige teenstand die liga in die Wes-Transvaal streek ingepalm.**

Strathvaal en Vaal Reefs was die enigste twee spanne wat enigsins die kaarte deurmekaar kon skommel.

Oud-studente het van jaar daarin geslaag om die Ibbies te klop.

Agt van die Pukke het Wes-Transvaal verteenwoordig. Laasgenoemde het egter nie baie goed gevaar teen spanne soos die Vrystaat nie. Die agt spelers is Martin Piek, Ettienne van Wyk, Casper van der Merwe, Etienne Smit, Danie de Beer, Manie van Jaarsveld, Michael Carlisle en Jos Coetzee.

# Rugby voor eerste toets

**Die Pukke se trots, James Stoffberg se rugbymanne, staan voor hulle eerste groot toets.**

Wie sou 'n jaar gelede kon dink dat Wits enige gevaar vir die Pukke sou inhou? Intussen het Allen Sutherland, die ou All Black losvoorspeler, die Witsies begin afrig.

Dit sê egter nog nie so baie nie, maar kyk 'n mens bietjie verder, dan raak jy kriewelrig. Voor verlede jaar het die Rhodesiërs nog laaste op die Curriebeker-puntestand geëindig. Wat verlede jaar gebeur het, is reeds ou nuus. Die Westelike Provinsie se Curriebekerdrome is deur vyftien vasberade terroristejagters verpletter. Was dit nie einste WP wat Wes-Transvaal sy grootste vernedering nog op 'n rugbyveld toegedien het nie? So 'n redenasie sal egter wye reaksie uitlok, maar wat soos 'n paal bo water staan, is dat die Pukke met vyftien net sulke gemotiveerde spelers te doen gaan kry as hulle die Witsies gaan pak, want Allen Sutherland, die man wat met die Rhodesiërs soveel uitgerig het, is weer eens agter die stuur.

Pukke kan dit nie bekostig om die gulde geleentheid om hierdie wedstryd te sien deur hulle vingers laat glip nie. Olienpark sal sekerlik soos 'n intervarsity lyk met dié wedstryd.